



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2023

Beurse en Lenings

Finansiële ondersteuning
vir voorgraadse en
nagraadse studente

Jaarboek, Deel 2

Vir beursverwante navrae

Tel.	+27 (21)808 9111
E-pos	info@sun.ac.za
Algemene webwerf vir studente	www.maties.com
Posadres	Die Registrateur Universiteit Stellenbosch Privaat Sak X1 MATIELAND 7602
Webwerf vir voorgraadse beurse	www.sun.ac.za/svbl
Webwerf vir voorgraadse beurse en lenings	www.sun.ac.za/pgo/funding

Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis die Universiteit se Raad en Senaat aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboekdeel
Deel 1	Algemeen
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar)

Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek.
- Daar is Afrikaanse (Deel 1 tot 12) en Engelse kopieë beskikbaar.

Inhoudsopgawe

Algemene Inligting	1
Taalbeleid en -plan.....	1
Inklusiwiteit	1
Kommunikasie met die Universiteit.....	1
Belangrike terme	1
Finansiële ondersteuning.....	3
1. Wie kwalifiseer vir finansiële ondersteuning?.....	3
1.1 Die twee stelle faktore by die Universiteit se toekenning van finansiële ondersteuning....	3
a) Akademiese faktore.....	3
b) Finansiële behoefte.....	3
1.2 Hoe doen ek aansoek vir finansiële ondersteuning?.....	4
1.3 Wat is die sluitingsdatum vir aansoeke?.....	4
1.4 Hoe gaan ek weet of my aansoek suksesvol was?.....	4
1.5 Waarvoor mag ek die geld gebruik?.....	4
1.6 Vermindering of kansellering van 'n beurs.....	4
2. Watter vorme van finansiële ondersteuning is beskikbaar?	5
2.1 Merietebeurs en spesiale beurse vir eerstejaarstudente	5
a).....	5
Sportbeurs.....	6
c).....	6
2.2 Merietebeurs en spesiale beurse vir senior voorgraadse studente.....	6
a) Vereistes vir Senior Merietebeurs.....	6
b) Toekenning van Senior Merietebeurs.....	6
c) Skaal vir Senior Merietebeurs	7
d) Kansellering van Senior Merietebeurs.....	7
Beurse vir voorgraadse studente	8
1. Beurse vir studie in die meeste fakulteite	8
1.1 Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings.....	8
1.2 Beurse onderworpe aan sekere beperkings.....	11
2. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	18
2.1 Verskeie departemente	18
2.2 Departement Afrikaans en Nederlands	19
2.3 Departement Drama.....	19
2.4 Departement Engels	19
2.5 Departement Maatskaplike Werk.....	19
2.6 Departement Musiek	20
2.7 Departement Visuele Kunste	23
3. Fakulteit Natuurwetenskappe.....	24
4. Fakulteit Opvoedkunde.....	26
5. Fakulteit AgriWetenskappe	27
5.1 Verskeie departemente	27
5.2 Departement Voedselwetenskap	30
6. Fakulteit Regsgeleerdheid.....	31
7. Fakulteit Teologie.....	33

8. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	35
8.1 Verskeie departemente.....	35
8.2 Departement Ekonomie.....	36
8.3 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap.....	37
8.4 Skool vir Rekeningkunde.....	37
9. Fakulteit Ingenieurswese	39
9.1 Verskeie departemente.....	39
9.2 Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.....	43
9.3 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.....	44
9.4 Departement Siviële Ingenieurswese.....	45
10. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	47
10.1 Verskeie departemente.....	47
10.2 Departement Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe.....	49
Beurse vir nagraadse studente	50
1. Beurse vir studie in die meeste fakulteite	50
1.1 Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings.....	50
1.2 Beurse onderworpe aan sekere beperkings.....	51
2. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	55
2.1 Verskeie departemente.....	55
2.2 Departement Afrikaans en Nederlands.....	56
2.3 Departement Drama.....	57
2.4 Departement Engels.....	57
2.5 Departement Geskiedenis.....	58
2.6 Departement Inligtingwetenskap.....	59
2.7 Departement Joernalistiek.....	59
2.8 Departement Maatskaplike Werk.....	59
2.9 Departement Musiek.....	60
2.10 Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie.....	61
2.11 Departement Visuele Kunste.....	62
3. Fakulteit Natuurwetenskappe	63
3.1 Verskeie departemente.....	63
3.2 Departement Aardwetenskappe.....	64
3.3 Departement Chemie en Polimeerwetenskap.....	65
3.4 Departement Fisika.....	66
3.5 Departement Plant- en Dierkunde.....	66
3.6 Departement Wiskundige Wetenskappe.....	66
4. Fakulteit Opvoedkunde	68
5. Fakulteit AgriWetenskappe	69
5.1 Verskeie departemente.....	69
5.2 Departement Voedselwetenskap.....	70
6. Fakulteit Regsgeleerdheid	71
7. Fakulteit Teologie	72
8. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	74
8.1 Verskeie departemente.....	74
8.2 Departement Ekonomie.....	74
8.3 Skool vir Rekeningkunde.....	74

8.4 Skool vir Publieke Leierskap	75
9. Fakulteit Ingenieurswese	76
9.1 Verskeie departemente	76
9.3 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.....	77
9.4 Departement Prosesingenieurswese	77
10. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	79
Lenings	82
ABSA Stellenbosch Studenteleefstylsentrum.....	82
Ackermann (Jossie Ackermann)	82
ATKV	82
Conradie (JE Conradie).....	82
FUNDI.....	82
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Leningsfonds.....	83
Helpmekaar Studielenings.....	83
Namibië Staatsdiens	83
NEDBANK.....	84
Noordelike Helpmekaar-studiefonds	84
Departement Prosesingenieurswese (Chemies en Minerale)-beursleningskema	84
Schumann (Wynnie Schumann-gedenklening).....	84
Standard Bank	84
Uys (Glen Uys).....	85
VLVK (Vrouelandbouvereniging van Kaapland)-landbounavorsingslening).....	85
Pryse, trofeë, skilde, ere-sabel en bekere	86
1. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.....	86
2. Fakulteit Natuurwetenskappe.....	89
3. Fakulteit AgriWetenskappe	90
4. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	92
5. Fakulteit Krygskunde.....	94
Medaljes.....	95
1. Algemene Medaljes	95
2. Fakulteit Natuurwetenskappe.....	95
3. Fakulteit AgriWetenskappe	96
4. Fakulteit Regsgeleerdheid	96
5. Fakulteit Ingenieurswese	97
6. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.....	97
7. Fakulteit Krygskunde.....	97
Stipendia.....	98
1. Universiteit Stellenbosch – Stipendia	98
2. Ander Stipendia (moontlikheid vir studie in die buiteland).....	98
Indeks.....	102

Algemene inligting

In hierdie publikasie sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, tensy die samehang van die woorde uitdruklik die teendeel aandui of daarmee strydig is.

Die Universiteit behou hom die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Jaarboek aan te bring. Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Jaarboek die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee. Kennisgewings aangaande beurse of die wysiging van beursvoorwaardes word deur die Universiteit se amptelike kanale bekend gemaak en ook aan die dekane van die betrokke fakulteite gestuur.

Taalbeleid en -plan

Die amptelike Taalbeleid en -plan van die Universiteit Stellenbosch is deur die Raad van die Universiteit goedgekeur. Die volledige weergawe is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/taal>.

Inklusiwiteit

Die Universiteit Stellenbosch laat studente van enige ras toe tot al die regte, voorregte, programme en aktiwiteite wat in die algemeen aan studente van die Universiteit verleen of beskikbaar gestel word. Die Universiteit diskrimineer nie op grond van ras by die toepassing van sy opvoedkundige beleid, sy beursprogramme, of sy sportprogramme nie.

Kommunikasie met die Universiteit

Vir voornemende studente

Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer toe (byvoorbeeld APP/1234567). Die aansoeknommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit oor al jou programaansoeke van 'n gegewe jaar te vergemaklik. Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

Vir huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente

Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe. Die studentenommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik. Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

Belangrike terme

Getal

In hierdie Deel 2 van die Jaarboek sluit die grammatiese enkelvoudsvorm die grammatiese meervoudsvorm in, en omgekeerd, tensy uit die samehang anders blyk.

Program

In hierdie Deel 2 van die Jaarboek is die terme "program" en "programme" afkortings vir onderskeidelik "onderrigprogram"/ "studieprogram" en "onderrigprogramme"/"studiepro-gramme", tensy uit die samehang anders blyk.

Houer

Die term "houer" beteken in hierdie Deel 2 van die Jaarboek "beurshouer" en/of "merietebeurshouer", tensy uit die samehang anders blyk.

Beurs

'n Bedrag geld wat aan 'n behoeftege, verdienstelike student gegee word om sy studies gedeeltelik of ten volle te betaal. Daar is soms 'n diensverpligting aan verbonde.

Lening

'n Bedrag geld wat aan 'n behoefte, verdienstelike student geleen word om sy studies gedeeltelik of ten volle te betaal. Die bedrag moet terugbetaal word volgens sekere bepalings.

Finansiële ondersteuning

Die Universiteit Stellenbosch glo dat mense wat die potensiaal het om suksesvol te studeer, sover moontlik die geleentheid daartoe moet kry. Daarom probeer die Universiteit om diegene wat as studente tot die Universiteit toegelaat word, maar nie die nodige finansiële middele het nie, sover moontlik te ondersteun.

Finansiële behoefte by sy studente is dus 'n faktor waarvan die Universiteit terdeë bewus is. Ongelukkig het die Universiteit egter nie onbeperkte fondse tot sy beskikking nie. Studente kan derhalwe nie op finansiële ondersteuning van slegs die Universiteit aanspraak maak nie. Ook is die feit dat 'n student om 'n beurs aansoek gedoen het, ongelukkig geen waarborg dat dit aan hom toegeken sal word nie.

Die Universiteit verleen aan sy studente net twee vorme van finansiële ondersteuning waarvan hulle 'seker' kan wees, naamlik merietebeurse en die "Drie Kinders"-korting. By die toekenning van hierdie twee vorme van finansiële ondersteuning, tel finansiële behoefte nie onder die faktore wat in ag geneem word nie.

Elke student aan die Universiteit Stellenbosch is dus in die eerste en laaste instansie self verantwoordelik om finansiële voorsiening te maak vir die vereffening van sy of haar studentegeldrekening.

1. Wie kwalifiseer vir finansiële ondersteuning?

Studente wie se bruto huishoudelike inkomste minder is as R350 000 p.j. beloop, word versoek om direk by die regeringbefondsde nasionale finansiële hulpskema vir studente (beter bekend as die National Student Financial Aid Scheme of NSFAS)) aansoek te doen vir 'n volkostebeurs by www.nsfas.org.co.za. Hierdie studente kwalifiseer nie normaalweg vir finansiële ondersteuning by die Universiteit nie.

Die volgende kategorieë kwalifiseer nie vir finansiële ondersteuning nie:

- Spesiale studente wat toegelaat is vir 'n module of modules
- Studente wat vir 'n tweede B-gradprogram studeer en
- Studente wat nie RSA-burgers is nie

1.1 Die twee stelle faktore by die Universiteit se toekenning van finansiële ondersteuning

Aangesien die Universiteit se finansiële bronne nie onbeperk is nie, baseer hy die toekenning van beurse – met ander woorde, die verlening van finansiële ondersteuning – op sowel akademiese as finansiële faktore.

Sentraal tot die akademiese faktore is die individu se potensiaal om suksesvol te studeer. Sentraal tot die finansiële faktore is die individu se finansiële behoefte.

a) Akademiese faktore

Studente van die Universiteit, hetsy geregistreer of voornemend, moet aan die minimum akademiese vereistes vir toelating voldoen.

Eerstejaarstudente en studente in een van die verlengde graadprogramme, wat as studente tot die Universiteit toegelaat is op grond van hul uitslag in die skoolindevaksamen (of daarmee gelykstaande eksamen), kan vir finansiële ondersteuning in aanmerking kom (die Universiteit beskou sodanige toelating as afdoende bewys dat hulle suksesvol kan studeer).

Voorgraadse studente van die Universiteit moet vir voltydse, volle programme geregistreer wees. Senior voorgraadse studente (d.w.s. studente vanaf hulle tweede studiejaar) moet minstens 60% van hul krediete van die voorafgaande jaar geslaag het. Senior voorgraadse studente wat minder as 60% van hul krediete van die voorafgaande jaar geslaag het, diskwalifiseer hulself daardeur op akademiese gronde vir oorweging vir enige finansiële ondersteuning.

b) Finansiële behoefte

Indien 'n aansoeker die akademiese potensiaal het om suksesvol te studeer, oorweeg die Universiteit sy of haar finansiële behoefte. Om 'n aansoeker se finansiële posisie noukeurig te kan bepaal, sal die Universiteit die huishoudingsinkomste via 'n derde party verifieer. Met hierdie finansiële besonderhede beskikbaar, evalueer die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (SVBL) die aansoeker se omvang van finansiële behoefte.

Studente ontvang finansiële ondersteuning, ongeag ras of geslag, in regstreekse verhouding tot hul graad van finansiële behoefte. Die aansoeker kom normaalweg in aanmerking vir finansiële ondersteuning indien die bruto huishoudelike inkomste tussen R350 00 en R600 000 per jaar is. Tensy anders vermeld, moet aansoekers Suid-Afrikaanse burgers wees en in Suid-Afrika woon.

Let wel: Studente wie se bruto huishoudelike inkomste minder as R350 000 per jaar beloop, word versoek om direk vir 'n volkoste NSFAS-beurs by www.nsfas.org.co.za aansoek te doen. Hierdie studente kwalifiseer

nie normaalweg vir finansiële ondersteuning by die Universiteit nie.

1.2 Hoe doen ek aansoek vir finansiële ondersteuning?

- Bestudeer hierdie boek om te bepaal vir watter beurse jy kwalifiseer. Maak seker om by algemene beurse sowel as fakulteitspesifieke beurse te kyk.
- Kyk by my.sun.ac.za vir die aansoekprosedure, wat vanaf 1 Julie vir die volgende akademiese jaar oop is.
- Jy kan op dieselfde vorm vir meer as een beurs wat deur die Universiteit Stellenbosch geadmineer word aansoek doen.
- Vir beurse wat deur 'n privaat maatskappy of organisasie geadmineer word, kan jy die maatskappy of organisasie direk vir aansoekvorms kontak.
- Maak seker dat jy al die nodige vorms korrek voltooi en dat al die stawende dokumentasie ingesluit is. Onvolledige aansoeke sal nie oorweeg word nie.
- Ons rig 'n dringende versoek aan alle voornemende en voorgraadse studente met finansiële behoeftes om aanlyn aansoek te doen by my.sun.ac.za, om op die SVBL-databasis vir finansiële hulp geregistreer te word. Beursbeamptes is dan in 'n posisie om studente oor uiteenlopende finansiële behoeftes, akademiese en/of ander kwalifiserende kriteria heen dienoooreenkomstig te oorweeg en te nomineer.

Spesiale studente, of studente wat nie vir die minimum voorgeskrewe krediete vir hul graadprogramme vir 'n betrokke akademiese jaar geregistreer is nie, sal nie oorweeg word nie.

1.3 Wat is die sluitingsdatum vir aansoeke?

- Die sluitingsdatum vir voorgraadse beurse wat deur die US geadmineer word is 30 September. (Jy sal hierdie beurse by my.sun.ac.za kry).
- Sluitingsdatums vir beurse wat deur privaat maatskappye of organisasies geadmineer word, mag verskil van die van die Universiteit, en daarom word die sluitingsdatum van elke eksterne beurs aangedui, indien wel beskikbaar, by die betrokke beurs se besonderhede in hierdie boek.
- Daar is verskeie sluitingsdatums vir nagraadsebeursaansoeke. Kontak postgradfunding@sun.ac.za vanaf April van die vorige akademiese jaar om uit te vind wat die verskillende sluitingsdatums is.

1.4 Hoe gaan ek weet of my aansoek suksesvol was?

Alle toekennings van beurse aan voornemende studente wat betyds aansoek gedoen het word gedurende November gefinaliseer. Daarna laat weet die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (SVBL) elke aansoeker per brief of die aansoek suksesvol was of nie.

1.5 Waarvoor mag ek die geld gebruik?

Alle beurse wat aan studente toegeken word, mag slegs aangewend word vir studiegelde, akkommodasie, etes, boekegeld en studiemateriaal, en vir vervoertoelae vir studente wat by hulle ouers woonagtig is.

1.6 Vermindering of kansellering van 'n beurs

'n Beurs kan te eniger tyd verminder of ingetrek (gekanselleer) word indien die houer se gedrag of vordering onbevredigend is, of indien die houer sy of haar studie staak, of indien die standaard van sy of haar klaswerk of sy of haar eksamenuitslae na die Universiteit se oordeel onvoldoende is.

Die bedrag van die beurs word vasgestel deur 'n koste-vanstudie-berekening. Indien die student enige ander beurs(e) ontvang (bv. 'n US-merietebeurs of 'n volkostebeurs van 'n maatskappy), sal die bedrag van die beurs dienoooreenkomstig verminder word of selfs gekanselleer word. Hierdie vermindering of kansellering van die beurs geskied outomaties.

2. Watter vorme van finansiële ondersteuning is

beskikbaar?

Die Universiteit se studente en voornemende studente kan in aanmerking kom vir 'n wye reeks van beurse. Hierdie beurse val, breed gesproke, uiteen in vier tipes:

- Merietebeurs vir US-studente – toegeken uitsluitlik op grond van skolastiese of akademiese prestasie;
- Kortings vir sekere US-studente;
- Sportbeurs vir US-studente – toegeken op grond van ander prestasies as skolastiese of akademiese prestasie;
- 'n Ruim getal beurse vir finansiële behoeftige voorgraadse en nagraadse studente van die US.

2.1 Merietebeurs en spesiale beurse vir eerstejaarstudente

a) Merietebeurs

Datum waarop Merietebeurs toegeken word

Die Merietebeurs word teen die einde van April toegeken.

Berekening en toekenning van Merietebeurs

In die geval van die Eerstejaarmedietebeurs, is die maatstaf wat gebruik word die werklike gemiddelde van 'n student se finale Graad 12-eksamenuitslae (berekening gebaseer op die kombinasie van 6 beste vakke wat toegang verleen tot Baccalaureusstudies aan 'n universiteit, uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde Vraestel 3), soos deur die onderskeie onderwysdepartemente aangegee. Die Merietebeurs word as 'n persentasie van die basiese studiegelde (uitgesluit module- en/of programkoste*) bereken. Die berekende bedrae word dan outomaties in die ontvangers se studenterekening inbetaal.

Die volgende skaal vir 'n Eerstejaarmedietebeurs is van toepassing:

Matriek-gemiddeld	Persentasie korting op basiese studiegelde (uitgesluit module- en/of programkoste*)
90% en hoër	Tot en met 40%
Die persentasie korting hang af van die getal kwalifiserende kandidate en die bedrag beskikbaar vir merietebeurse.	

*Module- en/of programkoste kan die volgende insluit: materiaal-, laboratorium- en reisgeld, bedryfskoste, programheffing en ledegelde van fakulteitsgebonde akademiese verenigings, soos van toepassing op die betrokke program of modules.

Let wel

- Die onus rus op studente om teen Junie van die betrokke akademiese jaar waarin hulle op die Merietebeurs geregtig is, op hulle rekeningstate te kontroleer of die Merietebeurs daarop aangedui word.
- Indien die Merietebeurs nie op studente rekeningstate aangedui word nie, moet dit skriftelik voor einde Augustus onder die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (SVBL) se aandag gebring word, anders verval die studente se aanspraak op 'n Merietebeurs. E-pos vir SVBL by sunfinaid@sun.ac.za.
- US-merietebeurse mag nie saam met ander volkostebeurse* gehou word nie en sal dienooreenkomstig verminder of gekanselleer word.

*Die waarde van volkostebeurse en -toelaes is in ooreenstemming gestel met die nuwe DHOO-beurse, soos jaarliks voorgeskryf deur die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS). 'n Volkostebeurs word gedefinieer as 'n beurs of beurse wat al die volgende uitgawes dek: volle onderriggeld; boeke ter waarde van R5 200 of meer; inwoningskoste vir 'n akademiese jaar van tien (10) maande, waar die maksimum bedrag gelykstaande aan 'n enkelkamer in 'n Universiteitskoshuis is; maaltye ter waarde van R15 000 of meer; en vervoer (indien jy tuis woon) van R7 500 of meer.

Kansellering van Merietebeurs

Studente wat hul studies gedurende die akademiese jaar staak, se merietebeurse sal gekanselleer word.

Merietebeurs vir studente wat aan ander instellings gestudeer het

Studente wat aan ander instellings gestudeer het, kwalifiseer nie vir 'n Eerstejaarmederietebeurs nie, maar kan oorweeg word vir 'n Senior Merietebeurs op grond van hul akademiese prestasies.

Hierdie studente moet hul uitslae by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings inhandig. E-pos jou uitslae aan sunfinaid@sun.ac.za.

b) Sportbeurs

Eerstejaarstudente wat uitmuntende sportprestasies behaal het, kan in aanmerking kom vir 'n verskeidenheid van spesiale beurse wat nie in hierdie boek gelys word nie.

Vir meer inligting oor hierdie beurse, skakel Matie Sport by 021 808 4642.

c) "Drie Kinders"-korting

Die Universiteit bied 10%-korting op studiegeld indien drie of meer kinders uit dieselfde huisgesin tegelykertyd aan die Universiteit studeer.

2.2 Merietebeurs en spesiale beurse vir senior voorgraadse studente

Omskrywings

Senior voorgraadse studente

Vir die doel van hierdie Deel 2 van die Jaarboek van die Universiteit, beteken "senior voorgraadse studente" "senior studente van die Universiteit wat voorgraadse of nagraadse baccalaureusgrade – bv. LLB as tweede B-grad – volg, maar nie honneursgrade nie".

Senior Merietebeurs

Vir die doel van hierdie Deel 2 van die Jaarboek van die Universiteit, beteken "Senior Merietebeurs" dieselfde as "merietebeurs vir senior voorgraadse studente".

Die Senior Merietebeurs word toegeken aan die top-5%-presteerders per fakulteit, op voorwaarde dat kandidate 'n geweegde gemiddeld van minstens 75% in hul vorige akademiese jaar moes behaal. Kwalifiserende studente ontvang 'n korting van tot 20% op hul basiese studiegeld (uitgesluit module- en/of programkoste). Die persentasie van toppresterders per fakulteit mag aangepas word na gelang van die beskikbare US-beursebegroting. Kyk ook par c verder aan.

a) Vereistes vir Senior Merietebeurs

Kandidate vir die Senior Merietebeurs moet –

- senior voorgraadse studente van die Universiteit wees;
- voltydse studente van die Universiteit wees;
- 'n gepaste graadprogram volg;
- die volle getal modules wat vir die betrokke studiejaar voorgeskryf word, volg; en
- studente wat aan ander instellings gestudeer het, moet hul uitslae voor 15 Februarie van die betrokke akademiese jaar by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings inhandig.

Let wel

- Slegs studente wat die volle getal voorgeskrewe krediete van 'n betrokke jaargang volg, kan vir die Senior Merietebeurs in aanmerking kom.
- US-merietebeurse mag nie saam met ander volkostebeurse* gehou word nie en sal dienooreenkomstig verminder of gekanselleer word.
- Die Merietebeurs sal nie op grond van 'n student se finalejaar- akademiese uitslae toegeken word nie.

*Die waarde van volkostebeurse en -toelaes is in ooreenstemming gestel met die nuwe DHOO-beurse, soos jaarliks voorgeskryf deur die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS). 'n Volkostebeurs word gedefinieer as 'n beurs of beurse wat al die volgende uitgawes dek: volle onderriggeld; boeke ter waarde van R5 200 of meer; inwoningskoste vir 'n akademiese jaar van tien (10) maande, waar die maksimum bedrag gelykstaande aan 'n enkelkamer in 'n Universiteitskoshuis is; maaltye ter waarde van R15 000 of meer; en vervoer (indien jy tuis woon) van R7 500 of meer.

b) Toekenning van Senior Merietebeurs

'n Senior Merietebeurs word toegeken op grond van prestasie in die vorige akademiese jaar en kan slegs aangewend word vir studiekoste. Studente wat nie die volle akademiese lading neem nie, a.g.v. erkenning van modules wat hulle elders geneem het, kwalifiseer nie vir 'n Merietebeurs nie. Studente van die

Universiteit wat vir enige nagraadse diploma- of -graadprogram, uitgesluit NOS en LLB (nagraads), geregistreer is, kom nie in aanmerking vir hierdie Senior Merietebeurs nie.

Vir die doel van hierdie senior merietebeurse, word elke kandidaat se geweegde gemiddelde bereken op grond van die uitslae van die voorafgaande studiejaar.

Voor genoemde senior voorgraadse studente van hierdie Universiteit kom outomaties vir hierdie Senior Merietebeurs in aanmerking en hoef gevolglik nie skriftelik daarvoor aansoek te doen terwyl hulle hul onderrigprogramme volg nie, met dien verstande dat sodanige skriftelike aansoek wel geverg word indien so 'n student sy studie onderbreek het en dit in 'n later kalenderjaar hervat.

Let wel

Indien 'n student bevestiging van sy of haar toekenning van die Senior Merietebeurs ontvang en dit nie op 'n sy of haar studentegelderekening aangedui word nie, moet die student teen 31 Augustus skriftelik die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (SVBL) by sunfinaid@sun.ac.za in kennis stel, anders verval die student se aanspraak op die merietebeurs.

c) Skaal vir Senior Merietebeurs

Die volgende skaal is van toepassing op 'n Senior Merietebeurs:

Geweegde gemiddelde	% korting op basiese studiegelde* (uitgesluit modulekoste en/of programkoste)
Top 5%-presteerders per fakulteit, op voorwaarde dat kandidate se geweegde gemiddeld nie minder as 75% in die vorige akademiese jaar was nie.	Tot 20%*
*Die werklike persentasie korting sal afhang van die aantal kwalifiserende kandidate, en die bedrag beskikbaar vir senior merietebeurse.	

d) Kansellering van Senior Merietebeurs

Studente wat hul studies gedurende die akademiese jaar staak, se Senior Merietebeurs sal gekanselleer word.

Beurse vir voorgraadse studente

As 'n reël, moet aansoekers vir die finansiële ondersteuning wat in hierdie gedeelte beskryf word, voornemende of geregistreerde studente van die Universiteit Stellenbosch wees. Uitsonderings op hierdie reël sal duidelik uit die beskrywings blyk.

Die Universiteit raai sy studente en voornemende studente aan om die toepaslike besonderhede in hierdie gedeelte deeglik na te gaan, voordat hulle die voorgeskrewe vorms vir beursaansoeke aanvra.

Alle aansoeke moet aanlyn by www.maties.com gedoen word, of by die betrokke maatskappy of trust.

Studente met finansiële behoeftes word aangemoedig om 'n aanlyn aansoek vir Universiteitsbefondsing in te dien om sodoende op die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (SVBL) se databasis geregistreer te word.

Alle voorgraadse aansoeke wat deur die Universiteit geadministreer word, moet die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings voor die sperdatum van 30 September bereik. Sluitingsdatums vir privaat organisasies of maatskappye mag verskil van die van die Universiteit.

Wanneer die waarde van 'n beurs nie gelys word nie, is dit omdat die waarde van jaar tot jaar mag wissel.

Let wel

Studente en voornemende studente wat belangstel, kan ook inligting oor ander beursopsies by Bursaries South Africa (eksterne webwerf, slegs in Engels) verkry.

1. Beurse vir studie in die meeste fakulteite

1.1 Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings

Bendiks (LMC Bendiks)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Broden (Eric Broden Trust)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en veral behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Campher (Leon Campher-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse studente wat finansiël behoeftig is en/of uit histories benadeelde onderwys-omstandighede kom.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde:

Wisselend, en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse en die algemene bepalinge en voorwaardes soos deur die US bepaal.

Du Toit Hugenote

Wie kwalifiseer?

Kriteria vir toekenning sluit in finansiële behoefte, akademiese prestasie en leierskapspotensiaal.

Kandidate moet twee modules van hulle programme in Afrikaans doen. Kandidate moet 'n motiveringsbrief en 'n beëdigde verklaring vir die twee modules in Afrikaans saam met hul aansoeke insluit.

Indien alles gelyk is, sal kandidate van Hugenote-afkoms voorkeur geniet.

Aansoeke:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm by my.sun.ac.za.

Besonderhede:

- Studente wat reeds die beurs ontvang, moet elke jaar daarvoor heraanzoek doen.
- Indien 'n beurshouer nie bevredigende vordering toon nie, of hom aan wangedrag skuldig maak, kan die beurs gekanselleer en terugbetaling gevorder word op voorwaardes soos deur die trustees en die betrokke beurskomitee bepaal.

Fraser (Ian Fraser-gedenkbeursfonds)

Wie kwalifiseer?

Blinde en gesiggestremde studente.

Aansoeke:

Die Beursfondsbeampte, Ian Fraser-gedenkbeursfonds, Posbus 125, HOWARD PLACE 7450

Sluitingsdatum: 30 September

Besonderhede:

- Voorgraadse beurs vir verwerwing van 'n diploma of 'n graad.
- Mediese bewys van blindheid MOET verstrek word.
- Gesertifiseerde afskrifte van die matrieksertifikaat en daaropvolgende universiteitsuitslae, veral die vorige jaar se finale eksamenuitslae, moet ingelewer word.

Greenberg (Isaac Greenberg)

Wie kwalifiseer?

Voornemende eerstejaarstudente met 'n besonder hoë skoolastiese prestasie. Toekennings word gelyk verdeel onder kandidate van Afrikaanse, Engelse en Joodse afkoms.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Hocken (Marjorie Hocken)

Wie kwalifiseer?

Voltydse behoeftige en verdienstelike voorgraadse studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Geen beurse mag toegeken word aan studente wat in rigtings studeer waar met diere geëksperimenteer word nie.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen vir voortsetting van die beurs.

Jansen (Dr PG Jansen)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige, verdienstelike studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Leierskap (Studenteleiers)

Wie kwalifiseer?

Studenteleiers soos primarii en primariae.

Aansoeke: Geen aansoeke.

Waarde: R3 600

Meaker (Cato Meaker)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en/of behoeftige studente (voorgraads én nagraads) in enige studierigting, met voorkeur aan studente in Maatskaplike Werk.

Aansoeke:

my.sun.ac.za

Waarde: Studiegelde.

Besonderhede:

Die Cato Meaker Studiefonds het ten doel om die Universiteit se strewe na groter akademiese uitnemendheid te ondersteun deur finansiële ondersteuning, in die vorm van beurse, aan verdienstelike voorgraadse en/of nagraadse studente te bied.

Verdienstelike en/of behoeftige studente sal elke jaar gedurende Desember deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings en die Eenheid vir Nagraadsestudente-befondsing, in samewerking met die Sentrum vir Voornemende Studente, by die Beheer Komitee van die Cato Meaker Studiefonds genomineer word vir goedkeuring. Die kandidate moet 'n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen.

Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde beurshouer toegeken word, met dien verstande dat die beurshouer elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen. Die beurse kan deel vorm van die pakkette wat aan werwingstudente aangebied word ten einde akademiese

topstudente na die Universiteit te lok.

Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente (NSFAS)

Wie kwalifiseer?

'n Persoon wat nog nooit by enige universiteit in die stelsel geregistreer was nie, en vir die eerste keer die Universiteit op voorgraadse vlak en vir sy eerste voorgraadse kwalifikasie betree. Studente moet afkomstig wees van 'n gesin met 'n bruto huishoudelike inkomste van tot R350 000 per jaar.

Bestaande studente sal oorweeg word, mits hulle aan NSFAS se akademiese en finansiële vereistes voldoen. As 'n voortgesette NSFAS-student sal jou gekombineerde huishoudelike inkomstedrempel egter geassesseer word ingevolge die DHOO se NSFAS-algemenefondskriteria (d.w.s. tot R122 000 per jaar).

Beurse aan voorgraadse studente met Suid-Afrikaanse burgerskap in enige studierigting.

Aansoeke: www.nsfas.org.co.za

Ohlthaver (Hermann Ohlthaver)

Wie kwalifiseer?

Verdienselike en uiters behoeftige eerstejaarstudente vir 'n periode van drie jaar.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Oranjebond

Wie kwalifiseer?

'n Tweedejaarstudent wat aan een van die volgende hoërskole gematrikuleer het: Kakamas, Keimoes, Kenhardt of Upington.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs elke jaar vir die aankoop van boeke.

Robertson (MM Robertson)

Wie kwalifiseer?

Hardwerkende, verdienstelike studente wat finansiëel behoeftig is.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Russel Botman Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken op grond van finansiële behoefte, akademiese meriete, Suid-Afrikaanse burgerskap, gemeenskapsbetrokkenheid en -leierskap, sowel as besondere volharding en sukses behaal.

Aansoeke:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm wat jy by my.sun.ac.za kan vind.

Sluitingsdatum:

Aansoeke sluit op 31 Oktober van die voorafgaande akademiese jaar.

Waarde:

Wissel na gelang van elke student se finansiële behoefte.

Besonderhede:

Die beurse word toegeken deur die komitee van die Russel Botman Beursfonds.

Van Brakel (CJ van Brakel-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Belowende behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Van der Merwe (JR van der Merwe)

Wie kwalifiseer?

Uiters behoeftige studente.

Aansoeke: Geen aansoeke.

Waarde: Die opbrengs uit 'n aantal ABSA-aandele.

Von Zeuner (Louis von Zeuner)

Wie kwalifiseer?

Akademiese verdienstelike en behoeftige studente in enige studierigting.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

Die beurse word toegeken deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings in oorleg met die donateur.

Die Vlakte-beursfonds

Wie kwalifiseer?

Persone wat in die gebied genaamd Die Vlakte gewoon het en toe verwyder is, asook hul kinders en kleinkinders, en vir voorgraadse studie aansoek doen, asook vir 'n eerste nagraadse program. Hierdie gebied in die Stellenbosse middedorp is omgrens deur Muller-, Ryneveld-, Banghoek-, Smuts-, Merriman- en Birdstraat en het in die 20ste eeu as Die Vlakte bekend gestaan.

Kandidate moet ook aan die minimum akademiese toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen en die beurs word vir die minimum duur van die program toegeken, op voorwaarde dat die kandidaat minstens 0,6 HEMIS-krediete in elke akademiese jaar verwerf.

Let wel:

'n Gekose komitee bestaande uit lede van die gemeenskap van Die Vlakte sal verifieer of nuwe aansoekers wel nasate van inwoners van Die Vlakte is.

Aansoeke:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm wat jy by my.sun.ac.za kan vind.

Waarde: Studiegeld

Besonderhede:

In sy intreerede op 29 April 2015, het die Rektor, prof Wim de Villiers, aangekondig dat hy die Die Vlakte-beursfonds vir nasate van die mense wat gedwing is om in die 1960's uit Die Vlakte weg te trek gaan instel.

Die fondse vir hierdie beurs sal uit nuwe fondse ingesamel word en vorm nie deel van die bestaande institusionele begroting vir beurse en lenings nie.

Sluitingsdatum: 31 Augustus van die voorafgaande jaar.

1.2 Beurse onderworpe aan sekere beperkings

Amberg Fonds

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en behoeftige studente.

Voorkeur aan nie-Afrikaners wat Afrikaans as hul huistaal beskou.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Association for Educational Transformation (ASSET)

Wie kwalifiseer?

Matrikulante afkomstig van die Wes-Kaap wat met hulle eerste studiejaar begin.

Aansoeke:

www.asset.org.za; Tel.: 021 685 1025. Aansoekvorms beskikbaar vanaf 1 Julie.

Sluitingsdatum: 30 September

Athlone Instituut Trust

Wie kwalifiseer?

Die beurs word slegs toegeken aan voltydse voorgraadse studente in enige studierigting wat permanente inwoners van Paarl/Mbekweni is.

Eerstejaarstudente kom in aanmerking vir 'n beurs en/of beurslening.

Aansoeke:

www.athlonebursaries.yolasite.com; E-pos: athlonebursaries@gmail.com; Tel.: 021 862 7777

Sluitingsdatum: 13 Februarie

Cillié (Maria Cillié)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige vrouestudente vanaf die tweede studiejaar.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Ter nagedagtenis aan die stigter van die Vrouevereniging van die Universiteit (wyle mev (prof) GG Cillié, sr.).

Davel (Koos en Lenie Davel)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige, Afrikaanssprekende voorgraadse studente aan die US.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorkeur word verleen aan studente uit die Hantam en die Noordweste van die ou Kaapprovinsie, waar "Noordweste" vir hierdie doel gedefinieer word as die gebied noord van die Olifantsrivier, suid van die Oranjerivier, met insluiting van die Oranjeriviervallei, en wes van 'n lyn tussen Beaufort-Wes en Prieska.

Daar sal verder voorkeur verleen word aan studente in die AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, en Natuurwetenskappe.

Eikenhof-Moulton

Wie kwalifiseer?

Een beurs jaarliks aan 'n matrikulant van die Hoër Meisieskool Bloemhof.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R500

Hanekom (Joey Hanekom)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike vroulike studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Hendriksz (Gawie Hendriksz)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige kinders uit weeshuise, of kinders wat in 'n inrigting geplaas is weens die mislukte huwelike van hulle ouers.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Home (George Home)

Wie kwalifiseer?

Beurse vir een jaar aan behoeftige studente wat, in voorkeurorde, by die volgende skole gematrikuleer het:

- Seuns en meisies – Worcester Gimnasium;
- Seuns – Hoërskool Montana;
- Meisies – Hoërskool Montana;
- Seuns en meisies – 'n hoërskool in Stellenbosch.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Aansoekers moet deur middel van 'n bylae saam met die aansoek duidelik uiteensit welke hoërskool(e) hulle bygewoon het en gedurende watter jare.

Ikusasa Student Financial Aid Programme (ISFAP)

Wie kwalifiseer?

Suid-Afrikaanse burgers wat vir die eerste keer vir 'n graad studeer in 2023. Aansoekers van families met 'n jaarlikse bruto huishoudelike inkomste tussen R350 000 en R600 000. Aansoekers met voorwaardelike toelating(s) by universiteite waarmee ISFAP 'n ooreenkoms het vir graadprogramme wat deur ISFAP befonds word (verwys na www.isfap.org.za).

Aansoeke:

Aanlyn aansoeke by www.isfap.org.za.

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde:

Volle koste vir studiegelde, asook ander toelaes (waarvan die maksimum debrae jaarliks bepaal word deur befondser).

Immigrantekind

Wie kwalifiseer?

Verdienselike en/of behoeftige kinders van immigrante wat vir drie jaar of minder in die RSA woon.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

'n Bewys dat 'n aansoeker 'n immigrant is, moet by die aansoek aangeheg word. Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen om voortsetting.

Jacobs-familie

Wie kwalifiseer?

Direkte afstammeling van Jan Abraham Jacobs.

'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoekers moet behoeftig, verdienstelik en lidmate van die NG Kerk wees.

Aansoeke:

Aansoekvorme vir familiebeurse is by my.sun.ac.za beskikbaar.

Besonderhede:

Kan op Stellenbosch of by die Universiteit van die Vrystaat benut word.

Hierdie beurse word toegeken ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes soos deur die skenker neergelê.

Knacke (FW Knacke)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan verdienstelike, maar veral behoeftige studente wie geheel of gedeeltelik van Duitse afkoms is, Duitssprekend is en reeds hulle eerste studiejaar aan die Universiteit voltooi het.

Alle vakrigtings behalwe Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Regsgeleerdheid.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

By toekenning van die beurse, sal die Trustees finansiële ondersteuning wat aansoekers vanaf ander bronne ontvang in aanmerking neem.

Beurshouers moet elke jaar heraanzoek doen om voortsetting van die beurs, wat op grond van bevredigende akademiese vordering oorweeg sal word.

Die Trustees van die Knacke Trust beklemtoon dat hierdie beurs veral finansiële behoeftige studente wil help, al presteer hulle nie noodwendig akademies voortreflik nie.

Kuchler (AM Kuchler)

Wie kwalifiseer?

Afrikaanssprekende studente op grond van finansiële behoefte met inagneming van hul akademiese meriete vir die duur van studie, onderworpe aan bevredigende vordering.

Slegs kandidate wat aan een van die volgende skole in die Stellenbosch-omgewing gematrikuleer het, sal oorweeg word:

- Bloemhof Hoër Meisieskool
- Cloeteville Sekondêr
- Kayamandi Sekondêr
- Kylemore Sekondêr
- Lückhoff Sekondêr
- Paul Roos Gimnasium
- Rhenish Hoër Meisieskool
- Stellenbosch Hoër
- Stellingzicht Sekondêr

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde:

Wisselend na gelang van elke student se finansiële behoefte.

Besonderhede:

Studente moet elke jaar heraanzoek doen.

Langenhoven (HP Langenhoven)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike studente van die Hoërskool Punt in Mosselbaai.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Malan (FS en WC Malan)

Wie kwalifiseer?

Gebore-Malan-studente wat behoefdig en verdienstelik is.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Marais (Elizabeth Marais)

Wie kwalifiseer?

Direkte afstammeling van Abraham Barend de Villiers en Theophile Antonia de Villiers (gebore Van der Lingen).

Vir verdere belangrike bepalinge, sien asseblief die besonderhede hieronder.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op www.maties.com beskikbaar.

Besonderhede:

Beurse beskikbaar vir 'n maksimum van 3 jaar.

'n Duidelike, skriftelike uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Die testament lui verder soos volg: "Indien daar egter nie in enige tydperk aanvraag deur enige van die descendenten was nie, dan sal die bedrag aan rente op 'n reserwefonds geplaas word, en verder rente verdien; dan en in daardie geval sal die reserwefonds en rente daarop gebruik word om enige een van gesegde descendenten in die geleentheid te stel om aan enige ander Universiteit, of in Suid-Afrika of in die buiteland, hulle studies voort te sit. By die toekenning van gelde uit rente op gesegde bedrag uit die Reserwefonds of rente daarop aan die descendenten van hul voornoemde oorlede ouers sal die volgende in aanmerking geneem word:

EERSTENS: Die descendent of descendenten wat die naaste by die geslag van haar oorlede ouers is sal die eerste in aanmerking geneem word, maar dit sal slegs geld tot in die vyfde geslag, haar oorlede ouers bereken as die eerste geslag. Daarna sal dit vry wees vir enige een van hulle nageslag om aanvraag te doen, indien die nodige bewyse gelewer is dat die aanvrager of aanvragers wettelike descendenten van haar voornoemde oorlede ouers is.

TWEEDENS: As alle ander omstandighede van die descendent dieselfde is, dan sal voorkeur gegee word aan die descendent of descendenten wat die behoefdigste is.

DERDENS: Slegs as daar opgelope rente op die kapitaalbedrag is waarvoor aanvraag nie gedaan was nie dan en in daardie geval mag aanvraag vir ondersteuning om in enige ander universiteit binne of buite Suid-Afrika te studeer toegestaan word, en toekennings vir die doel sal slegs geskied uit voornoemde Reserwefonds en rente daarop."

Metje (Wilfred Metje)

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse studente wat in Namibië gebore is en hul skoolopleiding daar ontvang het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Beurse vir 'n periode van een jaar.

Toekennings geskied op grond van akademiese prestasie met inagneming van finansiële behoefte, met dien verstande dat aansoekers wat reeds volkoste beurse ontvang nie vir hierdie beurse kwalifiseer nie.

Mostert (Fritz en Anna Mostert)

Wie kwalifiseer?

Sowel voorgraadse as nagraadse B-graadstudente wat aan skole in die landdrosdistrikte Hopfield, Malmesbury, Moorreesburg, Piketberg, Porterville, Velddrift en Vredenburg gematrikuleer het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Muller (Dr JH Muller)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente, afkomstig uit die Vrystaat.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Neethling (Prof JH Neethling)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike voorgraadse studente, met voorkeur aan direkte afstammeling van wyle prof JH Neethling se vader, Hendrik Johannes Neethling.

Familielede wat aansoek doen, moet skriftelike bewys van verwantskap lewer.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is by my.sun.ac.za beskikbaar.

Waarde:

Afstammeling: 'n beurs gelyk aan die studiegeld, inwoningsgeld, boeke en etes.

Nie-afstammeling: wisselend.

Neethling (Eerw JH Neethling)

Wie kwalifiseer?

Afstammeling van die eerw JH Neethling.

'n Presiese skriftelike uiteensetting van die familieverwantskap moet verskaf word.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is by my.sun.ac.za beskikbaar.

Waarde: R500

Orr (Wilfred Orr)

Wie kwalifiseer?

Matrikulante van Kimberley.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Parfitt (Yvonne Parfitt)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige matrikulante van Kaapse Skiereiland-skole.

Aansoeke:

Volledige besonderhede van die waarde, aansoekvorms en die sluitingsdatum is teen die einde van April stegs by hoofde van skole van die Kaapse Skiereiland beskikbaar.

Sluitingsdatum: 30 April

Waarde: Studiegeld.

Besonderhede:

Minstens 15 (vyftien) beurse per jaar.

Beurse word gewoonlik vir die duur van die studieprogram toegeken.

Paul Roos Gimnasium

Wie kwalifiseer?

Oudleerlinge van Paul Roos Gimnasium vir enige studiejaar.

Paul Roos Gimnasium Bymekaar-studiefonds

Wie kwalifiseer?

Kinders van onderwysers/onderwyseresse wat in 'n permanente hoedanigheid aan Paul Roos Gimnasium skoolhou, asook direkte afstammeling van Coenraad Hendrik Loubser.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Paul Roos Gimnasium (Rhodes-beurs)

Wie kwalifiseer?

- 'n Ongetroude oud-Paul Rooser;
- 19 tot 24 jaar oud;
- Met 'n graad of ander kwalifikasie wat aanvaarbaar is vir die Universiteit van Oxford.

Aansoeke:

Die Rektor, Paul Roos Gimnasium, STELLENBOSCH 7600; www.rhodestrust.org.za

Sluitingsdatum: 15 Augustus

Waarde: Dek alle koste.

Besonderhede:

Vir een tot drie jaar studie by Oxford.

Rozenweig (Mej AE Rosenzweig)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike eerstejaarstudente afkomstig van die Vrystaat.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Rotariërklub: Kaapstad

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf die tweede studiejaar uit die Kaapse Skiereiland, met die klem op gemeenskaps-diens.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Studiegeld, plus 'n boeketoelaag.

Shankman (David Shankman)

Wie kwalifiseer?

'n Behoeftige en verdienstelike voorgraadse Zimbabwiese student ten minste in tweede jaar van studie.

Aansoeke:

Skakel +27 21 808 9111 om 'n aansoekvorm van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings aan te vra.

Besonderhede:

Een beurs vir die duur van 'n studieprogram, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Spies (Johan en Willie Spies)

Wie kwalifiseer?

Die kinders van mev E Wood en dr CJ de Kock (sien asseblief verdere bepalings hier onder); of Een of meer behoeftige en verdienstelike Afrikaanssprekende student(e) (moedertaal Afrikaans).

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op www.maties.com beskikbaar.

Besonderhede:

Een beurs ter nagedagtenis aan Johannes Jacobus Spies en sy eggenote, Wilhelmina Christina Spies, geskenk deur hul seun, mnr JF Spies, om by voorkeur toegeken te word aan sy kleinkinders (die kinders van mev E Wood en dr CJ de Kock) vir die volle duur van studie aan die Universiteit Stellenbosch, met dien verstande dat hulle elke jaar suksesvol studeer.

Indien meer as een kleinkind gelyktydig studeer, moet die beursgeld gelykop tussen hulle verdeel word.

Indien enige van die kleinkinders van die skenker elders sou studeer omdat die studieprogram wat hulle volg nie deur die Universiteit Stellenbosch aangebied word nie, moet die beurs tot hulle beskikking gestel word ongeag waar hulle ook al studeer.

Indien daar nie 'n familielid is wat vir die beurs kwalifiseer nie, kan die Universiteit dit aan een of meer behoeftige en verdienstelike Afrikaanssprekende student(e) (moedertaal Afrikaans) toeken, met dien verstande dat elke jaar van studie suksesvol is.

Stegmann (Eben Stegmann)**Wie kwalifiseer?**

Verdienselike atlete met 'n goeie en voorbeeldige karakter.

Aansoeke: Geen aansoeke.

Besonderhede:

Atletiek. Hoogstens drie beurse word toegeken.

Beurse word vir 'n tydperk van een jaar toegeken, hoewel 'n atleet 'n beurs vir 'n langer tydperk kan hou.

Swart (JP Swart)**Wie kwalifiseer?**

Behoeftige Afrikaanssprekende studente (by voorkeur aan studente afkomstig van die noordelike voorstede van Kaapstad).

Aansoeke: my.sun.ac.za

Theron (Frans en Rykie Theron-studiefonds)**Wie kwalifiseer?**

- Studente wat hulle as predikante of sendelinge wil bekwaam;
- Studente wat 'n graadprogram in Landbou wil volg;
- Studente wat 'n nagraadse program in Spektrofisika wil volg;
- In al die gevalle moet voorkeur gegee word aan studente wat afstammeling is van die Theron-, Marais- en Zeeman-families.

Indien geen van die bogenoemde aansoek doen nie, gaan die beurs aan 'n student afkomstig uit die distrik Tulbagh.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op www.maties.com beskikbaar.

Besonderhede:

Beurse uit die boedel van wyle mev RJ Marais van Tulbagh, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- Dat die rente daarop jaarliks gebruik sal word om minstens een beurs te gee aan verdienstelike studente wat finansiële steun nodig het in elk van die bogenoemde kategorieë.
- Indien daar in 'n betrokke jaar geen studente is wat aan die voorwaardes voldoen nie, moet die beurse aan studente van genoemde families gegee word wat enige ander studieprogram aan die Universiteit Stellenbosch volg; daarna aan studente afkomstig uit die distrik Tulbagh. 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

United Transport and Allied Trade Union**Wie kwalifiseer?**

'n Verdienstelike en veral behoeftige kind van 'n lid van die SA Voetplaatpersoneelvereniging.

'n Bewys van die lidmaatskap van die betrokke ouer moet saam met die beursaansoek ingestuur word.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Die beurs word jaarliks opnuut toegeken.

Dit kan (alhoewel nie noodwendig nie) aan die bestaande beurshouer voortgesit word, mits hy suksesvol studeer en heraansoek vir die beurs doen.

Van Zijl (Petrusa van Zijl)**Wie kwalifiseer?**

Behoeftige afstammeling van die ses susters van die skenker, wyle mev Petrusa Groenewald (gebore Van Zijl). 'n Duidelike uiteensetting van die familieverband moet skriftelik verstrek word.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op my.sun.ac.za beskikbaar.

Viljoen (Elizabeth Viljoen-trust)**Wie kwalifiseer?**

Afstammeling en aangenome kinders van broers en susters van wyle mej Elizabeth Viljoen wat hulle studie aan die Universiteit Stellenbosch wil voortsit.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op my.sun.ac.za beskikbaar.

Waarde:

Wisselend, afhangende van die getal aansoeke wat ontvang word.

Visser (Elise Visser)**Wie kwalifiseer?**

Verdienselike, behoeftige studente;

Wat aan die NG Kerk van Kaapland behoort, met

Voorkeur aan aansoekers wat in Wellington en Paarl gebore is.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Maksimum R500

Besonderhede:

Hierdie beurs word toegeken ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes soos deur die skenker neergelê.

2. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

2.1 Verskeie departemente

Charlton (Ethel Joyce Charlton)**Wie kwalifiseer?**

Verdienselike, behoeftige voorgraadse studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse beurse in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Fakulteit Opvoedkunde.

Van Ewijck (Van Ewijck-stigting)**Wie kwalifiseer?**

Voorgraadse en nagraadse studente wat studeer of navorsing wil doen in 'n Nederlandse dissipline, of wat navorsing wil doen op 'n terrein waar die betrekkinge met Nederland 'n rol speel, of studente van Nederlandse afkoms (ouerskap).

Aansoeke:

www.ewijckfoundation.co.za of kontak die Sekretaris by vanewijk@uysandkie.co.za; Tel.: 021 913 1399.

Besonderhede:

Hierdie navorsing of studie behels ook studies aan Nederlandse universiteite of goedgekeurde instellings.

Suksesvolle aansoekers sal sekere bewyse moet lewer, soos bewys van registrasie as student, of bewys van 'n uitnodiging of aanvaarding by 'n Nederlandse universiteit of instelling.

Sluitingsdatum:

- Sluitingsdatum vir aansoeke vir die volgende kalenderjaar is 31 Oktober.
- Tussentydse aansoeke word ook oorweeg.

Wheatfield Estate Foundation Trust**Wie kwalifiseer?**

Voornemende eerstejaarstudente met minstens 'n gemiddelde van 60% in matriek.

Waarde: Studiegeld.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

- Jaarliks hernubbaar, afhangende van akademiese prestasie en 'n onderhoud.
- Kandidate word aangemoedig om vrywillige werk by welsynsorganisasies te doen, of werkskadudiens in hulle studieveld of toekomstige werk te verrig.

2.2 Departement Afrikaans en Nederlands

Scholtz (J du P Scholtz)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

- Voorgraadse en voltijdse of deeltijdse nagraadse beurse.
- Nagraadse studente kan beurse behou vir verdere studie hier of in Nederland na goeddunke van die Universiteit Stellenbosch.

Van Ewijck (Van Ewijck-stigting)

Wie kwalifiseer?

Studente wat aan die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit Stellenbosch studeer en wat reeds in hulle Nederlandse studies bewys van uitstaande prestasies gelewer het.

Besonderhede:

Twee jaarlikse beurse van wisselende bedrae.

Verdere inligting oor hierdie beurse is by die Departement Afrikaans en Nederlands verkrygbaar.

Die waarde van hierdie beurse word deur die Van Ewijck-stigting aan die Departement geskenk.

Die Departement besluit self oor die twee kandidate aan wie die toekennings op grond van hulle prestasies gemaak word.

Kandidate mag nie beide 'n merietebeurs én 'n algemene studiebeurs van die Van Ewijck-stigting ontvang nie.

2.3 Departement Drama

KAT

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n Dramastudent vanaf die tweede jaar van studie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Pretorius (Anna Pretorius)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan belowende, behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

- Musiek.
- Voordrag en Drama.

2.4 Departement Engels

Louw (The Marilyn Louw Scholarship)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n behoeftige en verdienstelike student (veral ten opsigte van akademiese prestasie en sportvaardigheid).

Aansoeke: my.sun.ac.za

2.5 Departement Maatskaplike Werk

Hofmeyr en De Vos

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

- Maatskaplike Werk- en Teologie-losiesbeurse.
- Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting.

Meaker (Cato Meaker)

Wie kwalifiseer?

Verdienselike en/of behoeftige studente (voorgraads én nagraads) in enige studierigting, met voorkeur aan studente in Maatskaplike Werk.

Aansoeke:

my.sun.ac.za

Waarde: Studiegeld.

Besonderhede:

Die Cato Meaker Studiefonds het ten doel om die Universiteit se strewende na groter akademiese uitnemendheid te ondersteun deur finansiële ondersteuning, in die vorm van beurse, aan verdienstelike voorgraadse en/of nagraadse studente te skenk.

Elke jaar gedurende Desember sal die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings en die Eenheid Nagraadsestudente-befondsing, in samewerking met die Sentrum vir Voornemende Studente, verdienstelike en/of behoeftige studente by die Beheer Komitee van die Cato Meaker Studiefonds vir goedkeuring nomineer.

Die kandidate moet 'n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen.

Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde beurshouer toegeken word, met dien verstande dat die beurshouer elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen.

Die beurse kan deel vorm van die pakkette wat aan werwingstudente aangebied word ten einde akademiese topstudente na die Universiteit te lok.

2.6 Departement Musiek

Bowman (Lionel Bowman-prys/beurs)

Wie kwalifiseer?

Een prys/beurs word jaarliks toegeken aan 'n voor- of nagraadse student vir die beste vertolking van 'n volledige soloklavierwerk van Beethoven.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

- Studente moet meeding vir hierdie prys/beurs.
- Aansoekers moet in die openbaar 'n volledige werk van Beethoven voordra vir beoordeling.

Chapman (Myra Chapman Opvoedkundige Trust)

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

Die voorgraadse beurse kan vir 'n maksimum van drie jaar en die nagraadse beurse vir 'n maksimum van twee jaar aan dieselfde kandidaat of kandidate toegeken word. Daar moet elke jaar opnuut vir hernuwing aansoek gedoen word. Die toekenning geskied in oorleg met die Dept. Musiek.

Indien geen geskikte nagraadse kandidate kwalifiseer nie, kan die totale bedrag vir voorgraadse studente aangewend word.

Cluver (Betsie Cluver)

Wie kwalifiseer?

'n Enkelbeurs vir 'n BMus-student wat in sy tweede of derde studiejaar die beste prestasie in klavier as hoofinstrument behaal het.

Aansoeke: Geen aansoeke.

Waarde: Wisselend.

Elphick (Edna Elphick)**Wie kwalifiseer?**

Ingeskrewe of voornemende studente (voltyds of deelyds), asook oudstudente van die Konservatorium. Mededingers mag nie ouer as 25 (vyf-en-twintig) jaar wees op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

- Tjello.
- Die toekenning geskied op grond van mededinging, en aansoekers moet in die openbaar 'n kort konsertprogram vir beoordeling uitvoer.
- Toekenning sal slegs geskied indien die standaard bevredigend is.
- Die geld moet aangewend word vir studie aan die Konservatorium, of vir buitelandse studie aan 'n goedgekeurde instelling.

Franken (JLM Franken)**Wie kwalifiseer?**

Een beurs aan 'n verdienstelike voltydse student in enige spesialisering in musiek.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

Uit die boedel van wyle mev LEF Rosser.

Hendrikz (Hilda Hendrikz)**Wie kwalifiseer?**

Verdienstelike voor- of nagraadse studente in sang.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend.

Joao dos Santos**Wie kwalifiseer?**

Twee studente sal geïdentifiseer word: een verdienstelike derdejaar- of vierdejaar- uitvoerende student en die ander 'n inkomende voorgraadse student.

Aansoeke:

Geen aansoeke nie. Die Departement Musiek sal geskikte kandidate voor die einde van November van die voorafgaande akademiese jaar identifiseer.

Waarde: R15 000 vir die beste uitvoerende student en R50 000 aan die inkomende voorgraadse student (onderhewig aan rente-inkomste).

Besonderhede:

Kandidate sal geïdentifiseer word deur die praktiese personeel van die Departement Musiek.

Laetitia Morkel Beursfonds**Wie kwalifiseer?**

Finansieel behoeftige BMus-studente wat ook akademies presteer.

Aansoeke: Geen aansoeke.

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

- Studente moet presteer in klavier.
- Geskikte kandidate sal deur die Klavierafdeling, Departement Musiek, oorweeg word.

Pretorius (Anna Pretorius)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan belowende, behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

- Musiek.
- Voordrag en Drama.

Quick (Mabel Quick)

Wie kwalifiseer?

Voornemende of ingeskrewe voltydse musiekstudente.

Mededingers om hierdie beurse mag nie ouer as 23 (drie-en-twintig) jaar wees op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie. Vorige wenners mag nie weer deelneem nie.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

- Twee beurse. Een beurs is vir sang, die ander vir enige musiekinstrument.
- Toekenning geskied op 'n basis van mededinging.
- Aansoekers moet in die openbaar 'n kort program voor beoordelaars uitvoer.
- Daar sal van wenners verwag word om sang, of die bepaalde musiekinstrument waarmee hulle gewen het, as hoofstudierigting in die daaropvolgende studiejaar aan te bied.

Roos (Gideon Roos-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Studente in die Musiek, AgriWetenskappe en Regsgeleerdheid.

Aansoeke: www.maties.com

Besonderhede:

Die Gideon Roos-beursfonds aan die Universiteit Stellenbosch voorsien beurse vir akademies-verdienselike studente wat finansiële behoefte het. Die Universiteit kies kwalifiserende beurskandidate in drie studierigtings, naamlik Musiek, AgriWetenskappe en Regsgeleerdheid.

Smallie Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Besonder verdienstelike voltydse student(e) in klavier, viool of sang.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

- Een of twee beurse word jaarliks vir 'n maksimum tydperk van twee jaar toegeken.
- Uit die boedel van wyle me LE Smallie.

Stellenbosch Boere-orke

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse beurse vir algemene musiekstudie in Suider-Afrika.

Universiteit Stellenbosch Vrouevereniging

Wie kwalifiseer?

Een beurs word aan 'n verdienstelike finalejaarstudent in 'n opvoedkunde-rigting toegeken. Die toekenning berus op studieresultate en ander prestasies van die voorafgaande studiejare en word sonder aansoek

toegeken.

'n Tweede beurs word aan 'n verdienstelike derdejaarstudent vir voordrag (enige instrument of sang) toegeken. Aansoekers moet teen die einde van hulle tweede studiejaar 'n kort openbare program voor beoordelaars uitvoer.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

Uit 'n skenking van die US Vrouevereniging word jaarliks twee studiebeurse aan musiekstudente toegeken.

Vereniging van Volksang en Musiek

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student.

Aansoeke: my.sun.ac.za

2.7 Departement Visuele Kunste

Canitz (GP Canitz)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan verdienstelike voor- en nagraadse studente in die skilderkuns.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Beurshouers moet jaarliks aansoek vir hernuwing doen.

Laubser (Maggie Laubser) (Plaaslik)

Wie kwalifiseer?

Nie beskikbaar aan eerstejaarstudente nie.

Beurse aan behoeftige studente met voorkeur aan studente in die skilderkuns, met prioriteit aan studente wat reeds verder gevorder is met hulle studies.

Aansoeke:

Departement Visuele Kunste

Laubser (Maggie Laubser) (Oorsee)

Wie kwalifiseer?

Voorwaardes soos vir die Maggie Laubser-beurs (plaaslik).

Aansoeke:

Departement Visuele Kunste

Besonderhede:

Alle aansoekers moet volledige studierekords aanheg.

Plek van studie, datum van aanvang van studietydperk, asook 'n volledige uiteensetting van voorgenome navorsing moet verskaf word.

3. Fakulteit Natuurwetenskappe

Weens die feit dat 'n beduidende aantal beurse in die Fakulteit Natuurwetenskappe aan studente in verskeie studierigtings toegeken kan word, word die beurse nie onder individuele departemente gerapporteer nie, maar wel as 'n alfabetiese lys hieronder uiteengesit. Waar 'n beurs slegs in ('n) spesifieke studierigting(s) toegeken kan word, word die betrokke studierigting(s) telkens onder die opskrif "Wie kwalifiseer" by die betrokke beurs aangedui.

Dean (NJ Dean)

Wie kwalifiseer?

Tweedejaarstudente wat in die Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe studeer.

Aansoeke: www.maties.com

Besonderhede:

Voorgraadse beurs vir 'n tydperk van hoogstens 3 jaar.

Du Preez (JW du Preez)

Wie kwalifiseer?

Verdienselike, hardwerkende en behoeftige studente in die Natuurwetenskappe en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, vanaf die tweede studiejaar.

Aansoeke: www.maties.com

Besonderhede:

Voortsetting van die beurs vir die volle duur van die studieprogram is afhanklik van bevredigende vordering.

Federale Volksbeleggings

Wie kwalifiseer?

Studente in die Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese en Regsgeleerdheid.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R1 000

Besonderhede:

Een beurs toegeken vir die duur van die studieprogram. Derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Green (SP Green)

Wie kwalifiseer?

'n Student wat Dierkunde wil studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede: Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student.

Jones (Levi en Bessie Jones)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan behoeftige en verdienstelike studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Kleyweg (Die Kleyweg Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

Ekonomies en opvoedkundig benadeelde studente in die Natuurwetenskappe en Ingenieurswese.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Kumba Iron Ore**Wie kwalifiseer?**

Studente wat BSc in Geologie, of Ingenieurswese (Elektries, Meganies, Metallurgies, Mynbou of Siviël) wil volg.

Aansoeke:

www.kumba.co.za; E-pos: bursars@angloamerican.com; Tel.: 012 683 7108

Sluitingsdatum: 30 April

Waarde:

Studie- en inwoningsgeld, boek-, rekenaar- en sakrekenaartoelaag.

Mintek (Raad vir Mineraletegnologie)**Wie kwalifiseer?**

'n Aantal voorgraadse studiebeurse vir studente in die volgende studierigtings: Chemie, Geologie, Mineralogie, Chemiese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksiemetallurgie, Fisiese Metallurgie), Elektriese Ingenieurswese (Prosesbeheerstelsels of Elektronika).

Aansoeke: www.mintek.co.za en tik "bursary" in die soekfunksieveld.

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde:

Studiegeld en 'n boeketoelaag, plus US-inwoningsgeld of die ekwivalent daarvan vir akkommodasie.

Besonderhede:

Die beurse word toegeken vir die volle duur van die program (maksimum 4 jaar).

Diensverpligting aan Mintek vir 'n ononderbroke tydperk van minstens een kalenderjaar vir elke jaar wat die beurs gebruik word.

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)**Wie kwalifiseer?**

'n Student wat Fisika, Wiskunde, Gesondheidswetenskappe of verwante vakke wil studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die bogemelde vakgebiede wil studeer.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen.

Schumann (AW Schumann)**Wie kwalifiseer?**

Voorkeur aan voorgraadse studente in Fisika en/of Wiskunde.

Afstammeling geniet voorkeur waar alles gelyk is. 'n Skriftelike uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Die beurs word toegestaan vir die duur van die studieprogram, maar nie langer as drie jaar nie.

Stighlingh-gedenkbeurs (Vereniging van Staatsamptenare van SA)**Wie kwalifiseer?**

Studente wat in die Natuurwetenskappe of Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wil studeer.

Staatsamptenare, of lede en kinders van lede van die Vereniging, wat reeds 12 maande of langer in die Staatsdiens of lid van die Vereniging is.

Waar van toepassing, moet bewyse van ampte van beide biologiese ouers ingehandig word as bevestiging.

Studente moes reeds die eerste akademiese jaar suksesvol voltooi het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R3 000

4. Fakulteit Opvoedkunde

Charlton (Ethel Joyce Charlton)

Wie kwalifiseer?

Verdienselike en behoeftige voorgraadse studente in die Fakulteit Opvoedkunde en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Settlers (Hoërskool Settlers-onderwysbeurs)

Wie kwalifiseer?

Huidige of toekomstige universiteitstudente wat hulle as onderwysers wil bekwaam.

Aansoeke:

Die Hoërskool Settlers, Posbus 599, Bellville 7535. Aansoeke moet 'n CV, getuigskrifte en verwysings insluit.

Sluitingsdatum: 5 Augustus

Waarde: R5 000 per jaar

Besonderhede:

Enige skoolvak kan gekies word, maar Wiskunde en Fisiese Wetenskappe sal voorkeur geniet.

Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om vir 'n tydperk gelyk aan dié waarvoor die beurs ontvang is by die Hoërskool Settlers skool te hou, indien daar 'n pos beskikbaar is.

Wakeford (Mavis Wakeford)

Wie kwalifiseer?

'n Oudstudent van die Rustenburg Hoër Meisieskool wat in 'n onderwysrigting studeer.

Aansoeke:

Die President: Rustenburg-oudstudentevereniging, Rustenburg Hoër Meisieskool, Campground-weg, RONDEBOSCH 7700

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Tot R4 000 per jaar

Wentzel

Wie kwalifiseer?

'n Vrouestudent, by voorkeur iemand uit die distrik Humansdorp, wat BEd (AlgOnd) wil doen.

Aansoeke: my.sun.ac.za

5. Fakulteit AgriWetenskappe

5.1 Verskeie departemente

IPL-beurs

Wie kwalifiseer?

Beurse vir finansiële behoeftige en verdienstelike studente wat beoog om een van die volgende studierigtings te volg: BAgricAdmin, BScAgric (Landbou-Ekonomiese Analise), BScAgric (Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur), BSc (Plant- en Grondwetenskappe), of BSc (Voedselwetenskap).

Slegs voornemende eerstejaarstudente word oorweeg.

Aansoek:

Fakulteit AgriWetenskappe, Privaat Sak X1, Matieland 7602 of mh@sun.ac.za

Sluitingsdatum: 15 November

Waarde: Maksimum van R50 000 per jaar

Besonderhede:

Voortsetting van beurs op grond van akademiese meriete.

Blundell (Bob Blundell-gedenkbeurs)

Wie kwalifiseer?

BSc in Bosbou of BScAgric met Bewaringsekologie.

Die beurs word toegeken op grond van meriete en finansiële behoefte aan 'n voorgraadse student vir die duur van sy studie, onderworpe aan bevredigende vordering.

Aansoek:

Die Aktetrustee, Posbus 158, PRETORIA 0001; Tel.: 012 323 1406.

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Besonderhede:

'n Raad van trustees sal die finale keuse doen uit name wat die hoof van Bewaringsekologie en Entomologie vóór 31 Desember van elke jaar aan hulle voorlê.

Dean (NJ Dean)

Wie kwalifiseer?

Tweedejaarstudente wat in die AgriWetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid en Geneeskunde en Gesondheidswetenskap studeer.

Aansoek: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse beurs vir 'n tydperk van hoogstens 3 jaar.

Glossop (Clifford Glossop)

Wie kwalifiseer?

'n Tweedejaarstudent in Bosbou.

Een beurs, beskikbaar elke derde jaar vir 'n periode van drie jaar, aan 'n tweedejaarstudent wat in Natal gematrikuleer het.

Aansoek: my.sun.ac.za

Hortgro Services

Wie kwalifiseer?

Beurse aan behoeftige en verdienstelike studente in die AgriWetenskappe wat fokus op die volgende studierigtings: Bestuursfasette, Entomologie, Hortologie, Plantgenetika en plantverbetering, Kwaliteitsbestuur en Landbou-ekonomie.

Aansoek:

<https://www.hortgro.co.za/inclusive-growth/bursary-program/>; E-pos: recruitment@hortgro.co.za

Sluitingsdatum: 15 Augustus

Karsten-Groep/ABSA-beurs**Wie kwalifiseer?**

'n Student wat die graad BAgric (Elsenburg) wil volg.

Aansoeke:

Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding, Privaat Sak X1, EISENBURG 7607

Sluitingsdatum: 31 Januarie

Waarde: R40 000 per studiejaar vir studie-, inwonings- en etegeld

Besonderhede:

Een beurs jaarliks vanaf die eerste tot derde studiejaar.

Daar sal van die student verwag word om na afloop van sy studie by die Karsten-groep in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

Beurse word deur 'n komitee toegeken, gegrond op die aansoeker se matriekresultate sowel as evaluering deur die beurskomitee.

Lombardi-beurse (EJ Lombardi)**Wie kwalifiseer?**

Studente wat die graad BScAgric in 'n studierigting wat op plante fokus volg.

Finansiële behoefte en akademiese meriete is die belangrikste kriteria.

Voorkeur aan studente vanaf die tweede studiejaar.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Merensky (Hans Merensky)**Wie kwalifiseer?**

Voorgraadse en nagraadse beurse vir studie in die Fakulteit AgriWetenskappe met die klem op Bos- en Houtwetenskappe.

Aansoeke:

Die Departementele Voorsitter, Departement Bos- en Houtkunde, Fakulteit AgriWetenskappe, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland 7602.

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Besonderhede:

Die toekenning van die beurse word gedoen in oorleg met die Hans Merensky Stigting, met inagneming van die verteenwoordiging van kulturele diversiteit.

Milne (Lindsey Milne-beursskema)**Wie kwalifiseer?**

Studente vir die graad BScAgric, by voorkeur met Hortologie as hoofvak, en verwante velde of Landbou-ekonomie.

Derde- en vierdejaarstudente sal voorkeur geniet.

Aansoeke:

www.subtrop.co.za

Die Lindsey Milne-beursskema, p.a. SUBTROP, Posbus 866, TZANEEN 0850; Tel.: 015 307 3676/7; E-pos me Delané Landman: delane@subtrop.co.za

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

Daar sal van beurshouers verwag word om een jaar vir SUBTROP te werk vir elke jaar wat 'n beurs toegeken word, mits so 'n betrekking beskikbaar is.

Pongracz (DP Pongracz-beursfonds)**Wie kwalifiseer?**

Beurse vir voorgraadse en nagraadse studente in Wingerd- en Wynkunde.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Pretorius (Willem Pretorius)**Wie kwalifiseer?**

Een beurs aan 'n belowende, behoeftige student wat Ekonomie en Landbou-ekonomie studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Roos (Gideon Roos-beursfonds)**Wie kwalifiseer?**

Studente in die AgriWetenskappe, Musiek en Regsgeleerdheid.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Die Gideon Roos-beursfonds aan die Universiteit Stellenbosch voorsien beurse vir akademies-verdienselike studente wat finansiële behoefte het. Die Universiteit kies kwalifiserende beurskandidate in drie studierigtings, naamlik AgriWetenskappe, Musiek en Regsgeleerdheid.

Rotariërklub: Helderberg**Wie kwalifiseer?**

'n Beurs aan 'n verdienstelike student in die Fakulteit AgriWetenskappe. Die Dekaan sal 'n aanbeveling maak.

Aansoeke: my.sun.ac.za

SAPPI Beperk**Wie kwalifiseer?**

Beurse vanaf die eerste studiejaar aan studente wat BSc in Bosbou, of Chemiese, Elektriese of Meganiese Ingenieurswese, wil doen.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Sappi Beperk, Posbus 6, INNOVATION HUB 0087, bestaande uit: CV, ID-afskrif, motiveringsbrief en puntetaal. E-pos: bursary.recruitment@sappi.com; Tel.: 011 407 8425 (Jessie Freitas).

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde: Studiegeld plus 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Diensverpligting van een jaar vir elke jaar waarvoor die beurs ontvang is, word vereis. Wanneer aansoek gedoen word, moet die studierigting aangedui word en moet 'n studierekord van die Universiteit, indien beskikbaar, ingesluit word.

SA Vereniging vir Gewasproduksie**Wie kwalifiseer?**

Drie beurse vir voor- en/of nagraadse studie in Agronomie.

Een van dié drie beurse is vir 'n student uit die historiesbenadeelde gemeenskap.

Aansoeke:

Besoek www.sascp.org.za/awards om die SAVGP se beursaansoekvorm af te laai en voltooi die aansoekvorm. Aansoeke moet elektronies via e-pos ingedien word by Lisa Smorenburg by lisa@elsenburg.com. Gebruik 'SASCP Bursary Application 2024' in die e-pos-onderwerpreël.

Sluitingsdatum: 15 Maart.

Waarde: Wisselend.

Besonderhede:

Hernuwing van die beurse berus op bevredigende akademiese prestasie.

Steenberg (Hennie, Louisa en Willie Steenberg Trustfonds)**Wie kwalifiseer?**

Slegs behoeftige studente wat die graadprogram BScAgric met Veekunde as hoofvak volg, kwalifiseer vanaf hulle tweede studiejaar vir 'n beurs.

Voorkeur sal gegee word aan studente met die van Steenberg of Steynberg, of 'n naasbestaande van die Steenberg-familie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

'n Student kwalifiseer slegs vir 'n beurs vir die normale duur van die studieprogram en moet jaarliks daarvoor aansoek doen. Die beurse word deur 'n komitee, soos deur die beursgewer bepaal, toegeken.

'n Student aan wie 'n beurs toegeken is en wat nie 'n minimum van twee-derdes van die krediete van die voorafgaande jaargang geslaag het nie, of 'n student wat sy studie staak, kan, nadat die komitee die omstandighede beoordeel het, gevra word om die beurs terug te betaal.

Swanepoel (Danie Swanepoel)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n behoeftige student met sterk karakter- en leierseienskappe wat 'n graadprogram in die Fakulteite AgriWetenskappe of Ekonomiese en Bestuurswetenskappe volg.

Aansoeke: www.maties.com

Besonderhede:

Hierdie beurs word toegeken aan senior sowel as voornemende eerstejaarstudente en die uitslag van beursaansoeke sal eers in April bekend gemaak word.

Theron (Anna Juliana Theron)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike Afrikaanssprekende studente, met voorkeur aan familieledede, met verdere voorkeur aan studie in die AgriWetenskappe. Familieledede wat aansoek doen, moet bewys van verwantskap lewer deur 'n brief van mnr FPR van Wyk, Rooikrans, Poskantoor Voëlklip 7203, in te sluit.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op www.maties.com beskikbaar.

Wheatfield Estate Foundation Trust

Wie kwalifiseer?

Voornemende eerstejaarstudente met minstens 'n gemiddelde van 60% in matriek.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Studiegeld

Besonderhede:

Jaarliks hernubbaar, afhanginge van akademiese prestasie en 'n onderhoud. Kandidate word aangemoedig om vrywillige werk by 'n welsynsorganisasie te doen, of werkskadudiens in hulle studieveld of toekomstige werk te verrig.

5.2 Departement Voedselwetenskap

SAAFoST

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n voorgraadse finalejaarstudent, gebaseer op meriete en finansiële behoefte. Aansoekers moet lede van SAAFoST wees.

Aansoeke:

Geen aansoeke.

Aanbeveling deur die Departementele Voorsitter.

Waarde: R20 000

SA Brouerye

Wie kwalifiseer?

Studente in die volgende fakulteite/studierigtings:

- Biologiese Wetenskap.
- Chemiese Ingenieurswese.
- Megatronika.
- Meganiese Ingenieurswese.

Aansoeke:

www.sab.co.za; The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde: Volle studie- en inwoningsgeld en 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Die beurse is beskikbaar vanaf die eerste studiejaar, vir die normale duur van die studieprogram. Daar is 'n diensverpligting om een jaar, vir elke akademiese jaar wat die beurs benut is, vir die maatskappy terug te werk.

6. Fakulteit Regsgeleerdheid

Amicus/Aall Foundation-beurse

Wie kwalifiseer?

Behoeftige regstudente in enige jaargang behalwe die eerste jaar.
Beperk tot studente afkomstig uit histories benadeelde gemeenskappe.

Aansoeke:

Aansoekvorms is beskikbaar by die Dekaan: Regsgeleerdheid se sekretaresse, Kamer 2024, Ou Hoofgebou.

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde: R46 000 per jaar

Amicus-beurse

Wie kwalifiseer?

Behoeftige Regstudente in die nagraadse LLB-program of die finale jaar van die vierjarige LLB-program.
Voorkeur word verleen aan studente uit die histories benadeelde gemeenskappe.

Aansoeke:

Aansoekvorms is beskikbaar by die Dekaan: Regsgeleerdheid se sekretaresse, Kamer 2024, Ou Hoofgebou.

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde: R20 000 per jaar

Appèlregter FW Beyers-beurs

Wie kwalifiseer?

Een beurs vir een jaar wat jaarliks op grond van uitmuntende prestasie in die eerste jaar van BA (Regsgeleerdheid) of BCom (Regsgeleerdheid) toegeken word uit die nalatenskap van wyle appèlregter FW Beyers.

Aansoeke:

Die Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 31 Maart

Dean (NJ Dean)

Wie kwalifiseer?

Tweedejaarstudente wat in die Regsgeleerdheid, AgriWetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse beurs vir 'n tydperk van hoogstens 3 jaar.

Federale Volksbeleggings

Wie kwalifiseer?

Studente in die Regsgeleerdheid, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Ingenieurswese.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R1 000

Besonderhede:

Een beurs toegeken vir die duur van die studieprogram, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Louw (Die Steve Louw-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n behoeftige en verdienstelike student (veral ten opsigte van akademiese prestasie en sportvaardigheid).

Aansoeke: my.sun.ac.za

PPS Regsfakulteit-beurs

Wie kwalifiseer?

Enige finalejaar-LLB-student.

Aansoeke:

E-posaansoek moet gerig word aan me Annemieke Nel by anel@pps.co.za

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde: Twee beurse van R20 000 elk.

Besonderhede:

Die beurshouer is nie verplig om vir PPS te werk nadat hy/sy graad verwerf het nie.

Rodney Africa-beurs

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse bruin en swart studente.

Voorkeur word verleen aan alumni van die Luckhoff Hoërskool en/of studente uit die Stellenbosch-omgewing.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

'n Beurs word jaarliks deur mnr Rodney Africa, 'n alumnus, toegeken.

Roos (Gideon Roos-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Studente in die Regsgeleerdheid, AgriWetenskappe en Musiek.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Die Gideon Roos-beursfonds aan die Universiteit Stellenbosch voorsien beurse vir akademies-verdienselike studente wat finansiële behoefte het. Die Universiteit kies kwalifiserende beurskandidate in drie studierigtings, naamlik Regsgeleerdheid, AgriWetenskappe en Musiek.

7. Fakulteit Teologie

Beyleveld (Babs Beyleveld)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan voorgraadse studente op grond van verdienstelikheid en behoefte.

Aansoeke: www.maties.com

Frank en Elizabeth Auld Beurse

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente in die Fakulteit Teologie wat beoog om hulle te bekwaam vir die bediening in die kerk.

Aansoeke:

Die beurse word deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings geadministreer.

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Besonderhede:

Die Fakulteit nooi elke jaar voorgraadse studente in alle programme om vir hierdie beurs aansoek te doen.

Die keuringskomitee gebruik as kriteria akademiese prestasie, finansiële behoefte en roeping.

Toekenings word elke jaar hersien.

Grundling (Magdalena Grundling Trust)

Wie kwalifiseer?

Aansoekers in Teologie uit die NG gemeente Oudtshoorn-Wes.

Indien daar binne 'n gegewe tydperk nie 'n student van die betrokke gemeente is wat so mag kwalifiseer nie, sal 'n student van enige van die NG Kerk-gemeentes op Oudtshoorn kwalifiseer.

Aansoeke:

Sanlam Trust, Posbus 1260, SANLAMHOF 7532

Sluitingsdatum: 15 September

Besonderhede:

Teologie (tot legitimasie).

Rente op trustfonds.

Die beslissing van die trustee ten opsigte van enige student oor welke tydperk ook al sal finaal en bindend wees.

Havenga (Lukas Havenga)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige eerstejaarstudent vir die duur van die studie-program.

Aansoeke: www.maties.com

Hofmeyr en De Vos

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Teologie- en Maatskaplike Werklosiesbeurse.

Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting.

Hopefield en Kuilsrivier Gemeentes

Wie kwalifiseer?

Beurse vir teologiese studie soos goedgekeur deur die NG Kerk is jaarliks beskikbaar vir kinders van behoeftige gesinne woonagtig in Kuilsrivier of Hopefield.

Aansoeke:

Die Saakgelastigde, Posbus 107, KUILSRIVIER 7579, of Die Saakgelastigde, Posbus 27, HOPEFIELD 7355

Sluitingsdatum: 30 September

Linde (EM Linde)

Wie kwalifiseer?

Beurse is beskikbaar aan behoeftige en verdienstelike studente wat lidmate is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Malan Gedenkbeurs (FS en RE Malan)

Wie kwalifiseer?

'n Malan-student in die Teologie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Nyboer (Wilhelmina du Toit Nyboer)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente wat begerig is om opgelei te word as sendelinge of predikante.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sieberhagen (Dr en mev N Sieberhagen)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan verdienstelike en behoeftige eerstejaarstudente vir die duur van die studieprogram.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika Beurse

Aansoeke:

Navrae kan gerig word by die Skriba, VGK Kuratorium, nphil@sun.ac.za.

Viljoen (Johanna Viljoen)

Wie kwalifiseer?

Jaarliks aan 'n behoeftige student wat met sy BDiv-studie besig is.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Nagraadse Kweekskoolstudente kwalifiseer nie vir hierdie beurs nie. Die restant van die rente moet jaarliks by die kapitaal gevoeg word. Hierdie beurs word toegeken aan senior sowel as voornemende studente en die uitslag van beursaansoeke sal eers in April bekend gemaak word.

Visser (Die Sarel en Gertie Visser-trustfonds)

Wie kwalifiseer?

Een of twee beurse aan verdienstelike en behoeftige studente vir die duur van die studieprogram, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie elke jaar moontlik nie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

8. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

8.1 Verskeie departemente

Dean (NJ Dean)

Wie kwalifiseer?

Tweedejaarstudente wat in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, AgriWetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe, en Regsgeleerdheid studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse beurs vir 'n tydperk van hoogstens 3 jaar.

Dippenaar Familietrust-beurs

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat 'n gemiddelde van 60% behaal het.

Aansoeke: Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm wat jy by my.sun.ac.za kan vind.

Waarde: Wissel tussen R20 000 en R50 000 per jaar

Besonderhede:

Die keurkomitee besluit, met inagneming van finansiële behoefte en akademiese potensiaal, oor die grootte van die beurs wat toegeken word.

Harmony Gold Mynmaatskappy Beperk

Wie kwalifiseer?

'n Aantal beurse vir studie in die maatskappy se kernbelange, te wete myningeniëurswese, ertsreserwes, finansiële, en menslike hulpbronne.

Aansoeke:

Slegs elektronies: www.harmonybursaries.co.za

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde:

Onderrig- en verblyfgeld, 'n semestertoelaag en 'n toelaag tydens praktiese opleiding.

Besonderhede:

Daar kan van suksesvolle beurskandidate verwag word om 'n praktiese opleidingstydperk van een jaar te deurloop, voordat hulle universiteit toe gaan. Beurshouers het, na graadverwerwing, 'n diensverpligting teenoor Harmony gelyk aan die aantal jare wat hulle die beurs ontvang het.

Maitland Maties-beurs

Wie kwalifiseer?

Die ideale kandidaat is 'n finansiële behoeftige student met 'n goeie akademiese rekord uit 'n voorheen benadeelde gemeenskap in die Wes-Kaap.

Die kandidaat moet voornemens wees om te begin of reeds besig wees met voltijdse, voorgraadse studie om 'n graad aan die Universiteit Stellenbosch te behaal in 'n ekonomiese, beleggings-, finansiële of rekeningkundige studierigting.

Aansoeke: Geen aansoeke

Besonderhede:

Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om gedurende sekere Universiteitsvakansies as intern by Maitland se Kaapstad-kantoor te werk.

SA Brouerye

Wie kwalifiseer?

Studente in die volgende fakulteite/studierigtings:

- Biologiese Wetenskap.
- Chemiese Ingenieurswese.
- Megatronika.
- Meganiese Ingenieurswese.

Aansoeke:

www.sab.co.za; The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde: Volle studie- en inwoningsgeld en 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Die beurse is beskikbaar vanaf die eerste studiejaar, vir die normale duur van die studieprogram.

Daar is 'n diensverpligting om een jaar, vir elke akademiese jaar wat die beurs benut is, vir die maatskappy terug te werk.

Sasol

Wie kwalifiseer?

Studente wat 'n voorgraadse BScIngenieurswese- of BIng-gradprogram wil doen.

Studente wat 'n Honneurs-BScIngenieurswese- of Honneurs-BIng-gradprogram wil doen.

Aansoeke:

Aansoeke moet via die Sasol-beurswebwerf www.sasolbursaries.com ingedien word.

Indien jy probleme met jou aansoek ervaar, kontak vir Berlyne Rasool by e-pos berlyne.rasool@adcorpgroup.com; Tel: 086 010 6235.

Sluitingsdatum: Wisselend, afhangende van die beursprogram (27 Mei tot vroeg in September)

Waarde: Volle beurs: studie-, inwonings- en etegeld. Bokegeld soos deur Sasol bepaal.

Besonderhede:

Van die beurshouer word verwag om na voltooiing van studie by die skenker in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

Swanepoel (Danie Swanepoel)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n behoeftige student met sterk karakter- en leierseienskappe wat 'n gradprogram in die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of AgriWetenskappe volg.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Hierdie beurs word toegeken aan senior sowel as voornemende eerstejaarstudente en die uitslag van beursaansoeke sal eers in April bekend gemaak word.

Transnet

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken aan voltydse voorgraadse studente volgens die diensbehoefte van die maatskappy in die volgende studierigtings:

- Spesialis- kommersiële beurs in verskeie kommersiëlespesialisdissiplines (besoek webwerf vir spesieke details).
- BScIngenieurswese of BIng in die volgende dissiplines: Siviel, Elektries (Swaarstroom), Elektronika, Rekenaaringenieurswese, Meganies, Bedryfsingenieurswese, Marine-ingenieurswese.

Aansoeke:

Besoek <https://www.transnet.net/Career/Pages/Bursary.aspx> (slegs in Engels) om die aansoekvorm af te laai. E-pos: bursaries@transnet.net

Sluitingsdatum: 5 November

Waarde: Die omvattende beurs dek onderriggeld, inwoning en maaltye, 'n boeketoelaag en ervaringsgebaseerde opleiding. Ruim boeketoelaag.

Besonderhede:

Die beurs word jaarliks hernu afhangende van akademiese prestasie.

'n Dienskontrak is 'n vereiste.

8.2 Departement Ekonomie

Pretorius (Willem Pretorius)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n belowende, behoeftige student wat Ekonomie en Landbou-ekonomie studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

8.3 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

Pretorius (Faantjie en Lettie Pretorius)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en behoeftige studente in Statistiek.

Aansoek: my.sun.ac.za

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

Die beurse word toegeken deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings in oorleg met die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die donateur.

8.4 Skool vir Rekeningkunde

ESKOM

Wie kwalifiseer?

Studente wat BRek of Elektriese, Elektroniese of Meganiese Ingenieurswese wil volg.

Aansoek: www.eskom.co.za

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde:

Studiegeld, inwoningsgeld, etes en boeke.

Gold Fields Beperk

Wie kwalifiseer?

Suid-Afrikaners wat voltyds studeer en akademies goed vorder. Word toegeken vanaf die tweede jaar van 'n B-graad in Rekeningkunde, Elektriese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese, Myningeniërswese, of Honneurs-BSc in Geologie.

Aansoek:

Die Beursbeampte, Gold Fields Academy, Privaat Sak X11, WESTONARIA 1780; Tel.: 011 752 1145; E-pos: jolene.pienaar@goldfields.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Studiegeld plus R19 440 vir lewenskoste en 'n persoonlike toelaag van ongeveer R10 800.

'n Eenmalige rekenaartoelaag vanaf die tweede jaar word voorsien.

Besonderhede:

Daar word van suksesvolle aansoekers verwag om een jaar lank vir die maatskappy te werk (slegs mynbou) voordat hulle begin studeer.

PricewaterhouseCoopers

Wie kwalifiseer?

Voor- sowel as nagraadse beurse vir voornemende geoktrooieerde rekenmeesters (BRek en BRekLLB).

Aansoek:

Daar is drie tipes beurse – meriete-, onderrig- en volle beurse – waarvoor jy aanlyn aansoek kan doen by <https://www.pwc.com/za/en/careers/learners/learners-bursaries.html>.

Sluitingsdatum: 31 Julie

PricewaterhouseCoopers Gedenkbeurs

Wie kwalifiseer?

Een beurs elke jaar aan 'n voltydse BRek-student uit die histories benadeelde gemeenskappe.

So 'n student moet akademies sterk wees ('n gemiddelde A-simbool in matriek) en 'n vaste voorneme hê om as 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) te kwalifiseer. Elke beurshouer is verplig om 'n ingeskrewe klerkskap-kontrak met PwC vir 'n minimum tydperk van twee jaar by enige van die organisasie se kantore in Suid-Afrika aan te gaan.

Aansoek:

Geen aansoek, word deur die Skool by die Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe genomineer. Die Dekaan doen 'n aanbeveling aan die maatskappy en verwittig die Universiteitsadministrasie van die uitslag.

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar.

Theron (Pierre F Theron)

Wie kwalifiseer?

Een of moontlik twee voor- of nagraadse beurse aan behoeftige, maar veral verdienstelike eerstejaarstudente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

'n Beurs word vir die normale duur van die studieprogram toegeken, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

9. Fakulteit Ingenieurswese

9.1 Verskeie departemente

Aurecon Beurs

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken aan matrikulante en eerste-, tweede- en derdejaar-aansoekers wat BIng in Chemiese Ingenieurswese, Elektriese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese en Siviele Ingenieurswese studeer.

Aansoeke:

Aansoeke moet aanlyn gedoen word by die onderstaande webadres:

<https://www.aurecongroup.com/graduates/themes/bursaries-south-africa>

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Navrae: bursaries@arecongroup.com

Waarde:

Waarde word van tyd tot tyd hersien. 'n Student moet een jaar terugwerk vir elke jaar wat befondsing toegestaan is.

Blake (George Blake)

Wie kwalifiseer?

Student uit Kaapland.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Brook (Alec Brook)

Wie kwalifiseer?

Persone wie se ouers in Port Elizabeth of omgewing woon en wat Ingenieurswese of Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (slegs MBChB) wil volg. Studente moet ongetroud en onder 25 jaar oud wees.

Aansoeke:

BOE Private Clients, Posbus 27528, GREENACRES 6057

Sluitingsdatum: 30 September

Besonderhede:

Beurse kan jaarliks hernu word, onderworpe aan bevredigende vordering.

Consani

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs vir die duur van 'n onderrigprogram, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

ESKOM

Wie kwalifiseer?

Studente wat Elektriese, Elektroniese of Meganiese Ingenieurswese of BRek wil studeer.

Aansoeke: www.eskom.co.za

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde:

Studiegeld, inwoningsgeld, etes en boeke.

Federale Volksbeleggings

Wie kwalifiseer?

Studente in die Ingenieurswese, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Natuurwetenskappe en Regsgeleerdheid.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R1 000

Besonderhede:

Een beurs toegeken vir die duur van die studieprogram, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Gold Fields Beperk**Wie kwalifiseer?**

Suid-Afrikaners wat voltyds studeer en akademies goed vorder.

Word toegeken vanaf die tweede jaar van 'n B-graad in Elektriese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese, Myningeniurswese, BRek, of Honneurs-BSc in Geologie.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Gold Fields Academy, Privaat Sak X11, WESTONARIA 1780; Tel.: 011 752 1145; E-pos: jolene.pienaar@goldfields.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Studiegeld plus R19 440 vir lewenskoste en 'n persoonlike toelaag van ongeveer R10 800.

'n Eenmalige rekenaartoelaag vanaf die tweede jaar word voorsien.

Besonderhede:

Daar word van suksesvolle applikante verwag om een jaar lank vir die maatskappy te werk (slegs mynbou) voordat hulle begin studeer.

Harmony Gold Mynmaatskappy Beperk**Wie kwalifiseer?**

'n Aantal beurse vir studie in die maatskappy se kernbelange, te wete myningeniurswese, ertsreserwes, finansieel, en menslike hulpbronne.

Aansoeke:

Slegs elektronies: www.harmonybursaries.co.za

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde:

Onderrig- en verblyfgeld, 'n semestertoelaag en 'n toelaag tydens praktiese opleiding.

Besonderhede:

Daar kan van suksesvolle beurskandidate verwag word om 'n praktiese opleidingstydperk van een jaar te deurloop, voordat hulle universiteit toe gaan. Beurshouers het, na graadverwerwing, 'n diensverpligting teenoor Harmony gelyk aan die aantal jare wat hulle die beurs ontvang het.

Kleyweg (Die Kleyweg Opvoedkundige Trust)**Wie kwalifiseer?**

Beurse aan finansieel en opvoedkundig benadeelde studente in die Ingenieurswese of Natuurwetenskappe.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Kumba Iron Ore**Wie kwalifiseer?**

Studente wat Ingenieurswese (Elektries, Meganies, Metallurgies, Mynbou of Siviel), of BSc in Geologie wil volg.

Aansoeke:

www.kumba.co.za; E-pos: bursars@angloamerican.com; Tel.: 012 683 7108

Sluitingsdatum: 30 April

Waarde:

Studie- en inwoningsgeld, boek-, rekenaar- en sakrekenaartoelaag.

Mintek (Raad vir Mineraaltegnologie)**Wie kwalifiseer?**

'n Aantal voorgraadse studiebeurse vir studente in die volgende studierigtings: Chemie, Chemiese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksiemetallurgie, Fisiese Metallurgie), Elektriese Ingenieurswese (Prosesbeheerstelsels of Elektronika), Geologie, Mineralogie.

Aansoeke: www.mintek.co.za en tik "bursary" in die soekfunksieveld.

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde:

Studiegeld en 'n boeketoelaag, plus US-inwoningsgeld of die ekwivalent daarvan vir akkommodasie.

Besonderhede:

Die beurse word toegeken vir die volle duur van die program (maksimum 4 jaar). Diensverpligting aan Mintek vir 'n ononderbroke tydperk van minstens een kalenderjaar vir elke jaar wat die beurs gebruik word.

Murray en Roberts Konstruksie

Wie kwalifiseer?

Studente wat reeds die eerste jaar van 'n BSc- of BIng-graad in die volgende studierigtings suksesvol voltooi het: Elektriese, Meganiese, Metallurgiese of Siviele Ingenieurswese, Bourekenkunde, of Boubestuur/Konstruksiebestuur.

Aansoeke:

Die Murray en Roberts-keuringspaneel sal direk met die Universiteit skakel om geskikte studente vir Murray en Roberts se studente- en gegradueerde program te keur. Indien jy enige navrae het, kontak Murray en Roberts se Kliëntediens by 011 456 1144 of per e-pos by clientservice@murrob.co.za.

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde: Studie-, boeke- en inwoningsgeld.

Besonderhede:

Diensverpligting van een jaar vir elke jaar wat die beurs gebruik is.

NECSA

Wie kwalifiseer?

- Voltydse voorgraadse studente in die volgende Ingenieursrigtings: Bedryfs-, Chemiese, Elektroniese, Meganiese en Rekenaaringenieurswese.
- Voltydse voorgraadse BSc-studente in Chemie en Fisika.

Beskikbaar aan matriculante met 'n minimum van 70% in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe, asook aan universiteitstudente.

Aansoeke:

Die Beurskantoor, Menslike Hulpbronne en Ontwikkeling, NECSA, Posbus 582, PRETORIA 0001

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Volle studie-, inwonings- en etegeld plus 'n boeketoelaag.

Hulpskema vir die aankoop van 'n persoonlike rekenaar.

PPS Ingenieurswesefakulteit-beurs

Wie kwalifiseer?

Enige finalejaar-BIng-student of 'n student wat tans vir 'n magisterprogram aan die Fakulteit Ingenieurswese geregistreer is, met 'n gemiddelde van 60% of hoër, en wat nie tans met 'n beurs studeer nie.

Aansoeke:

Elektroniese aansoeke moet aan me Annemieke Nel by anel@pps.co.za gerig word.

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde: Twee beurse van R20 000 elk.

Besonderhede:

Die beurshouer is nie verplig om vir PPS te werk nadat hy/sy graad verwerf het nie.

SA Brouerye

Wie kwalifiseer?

Studente in die volgende fakulteite/studierigtings:

- Biologiese Wetenskap.
- Chemiese Ingenieurswese.
- Megatronika.
- Meganiese Ingenieurswese.

Aansoeke:

www.sab.co.za; The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde: Volle studie- en inwoningsgeld en 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Die beurse is beskikbaar vanaf die eerste studiejaar, vir die normale duur van die studieprogram.

Daar is 'n diensverpligting om een jaar, vir elke akademiese jaar wat die beurs benut is, vir die maatskappy terug te werk.

Samancor

Wie kwalifiseer?

Topprestasie-studente wat tans in Graad 12, die eerste tot derde, of die finale jaar van studie is.

Die beursskema is beskikbaar aan studente in die volgende dissiplines: Meganiese Ingenieurswese, Elektriese Ingenieurswese, Metallurgie, Myningeniurswese, Mynopmeting, Rotsingenieurswese en Geologie.

Aansoeke:

www.samancorcr.com – klik op "Our People – Bursary" en volg die skakels om aanlyn aansoek te doen.

Sluitingsdatum: 15 Oktober

Waarde:

Studiegeld en 'n jaarlikse kontanttoelaag.

Studente wat akademies tweede jaar is, kwalifiseer vir 'n rekenaartoelaag.

Besonderhede:

Beurse kan jaarliks hernu word, afhangend van akademiese prestasie, en word vir hoogstens vier jaar toegeken.

Vakansiewerk by Samancor, of 'n ander werkgewer volgens Samancor se goedkeuring, is verpligtend.

Daar is ook 'n diensverpligting van ses maande vir elke jaar wat die Samancor-beurs gebruik word.

SAPPI Beperk

Wie kwalifiseer?

Beurse vanaf die eerste studiejaar aan studente wat Chemiese, Elektriese of Meganiese Ingenieurswese, of BSc in Bosbou wil doen.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Sappi Beperk, Posbus 6, INNOVATION HUB 0087, bestaande uit CV, ID-afskrif, motiveringsbrief en puntetaat. E-pos: bursary.recruitment@sappi.com; Tel.: 011 407 8425 (Jessie Freitas).

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde: Studiegeld plus 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Diensverpligting van een jaar vir elke jaar waarvoor die beurs ontvang is, word vereis. Wanneer aansoek gedoen word, moet die studierigting aangedui word en moet 'n studierekord van die Universiteit, indien beskikbaar, ingesluit word.

Sasol

Wie kwalifiseer?

- Studente wat 'n voorgraadse BScIngenieurswese of BIng wil doen.
- Studente wat 'n Honneurs-BScIngenieurswese of Honneurs-BIng wil doen.

Aansoeke:

Aansoeke moet via die Sasol-beurswebwerf www.sasolbursaries.com ingedien word.

Indien jy probleme met jou aansoek ervaar, kontak vir Berlyne Rasool by e-pos berlyne.rasool@adcorpgroup.com; Tel.: 086 010 6235.

Sluitingsdatum: Wisselend, afhangende van die beursprogram (27 Mei tot vroeg in September)

Waarde: Volle beurs: studie-, inwonings- en etegeld. Boegekeld soos deur Sasol bepaal.

Besonderhede:

Van die beurshouer word verwag om na voltooiing van studie by die skenker in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

Sentech Opvoedkundige Trust

Wie kwalifiseer?

Beurse beskikbaar in die volgende studierigtings: Elektronika, Inligtingwetenskap, Rekenaarwetenskap.

Aansoeke:

Die Beursbeampte: SL Ndwalaza, Privaat Sak X06, HONEYDEW 2040; Tel.: 011 691 7080; E-pos: Evodia@sentech.co.za; www.sentech.co.za

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Transnet

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken aan voltydse voorgraadse studente volgens die diensbehoefte van die maatskappye in die volgende studierigtings:

Spesialis- kommersiële beurs in verskeie kommersiële spesialisdissiplines (besoek webwerf vir spesieke details).

BS-ingenieurswese of BIng in die volgende dissiplines: Siviel, Elektries (Swaarstroom), Elektronika, Rekenaaringenieurswese, Meganies, Bedryfsingenieurswese, Marine-ingenieurswese.

Aansoeke:

Besoek <https://www.transnet.net/Career/Pages/Bursary.aspx> (slegs in Engels) om die aansoekvorm af te laai. E-pos: bursaries@transnet.net

Sluitingsdatum: 5 November

Waarde: Die omvattende beurs dek onderriggeld, inwoning en maaltye, 'n boeketoelaag en ervaringsgebaseerde opleiding. Ruim boeketoelaag.

Besonderhede:

Die beurs word jaarliks hernu afhangende van akademiese prestasie.

'n Dienskontrak is 'n vereiste.

Wheatfield Estate Foundation Trust

Wie kwalifiseer?

Voornemende eerstejaarstudente met minstens 'n gemiddelde van 60% in matriek.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Studiegeld

Besonderhede:

Jaarliks hernubaar, afhangende van akademiese prestasie en 'n onderhoud.

Kandidate word aangemoedig om vrywillige werk by 'n welsynsorganisasie te doen, of werkskadudiens in hulle studieveld of toekomstige werk te verrig.

9.2 Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Arup Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Studente wat vir 'n graad in Elektriese of Meganiese Ingenieurswese studeer.

Arup soek uitsonderlike mense met vars idees en weetgierigheid wat 'n wesentlike verskil wil maak aan die omgewing waarin ons leef: passie, dryfkrag, kreatiwiteit en akademiese prestasie is 'n voorvereiste.

Aansoeke:

Die aansoekproses kan van Tameron Steenkamp by tameron.steenkamp@arup.com verkry word.

Sluitingsdatum: Aansoeke open op 1 Julie en sluit op 30 September.

Arup Pty Ltd – Program vir Gegradueerdes

Wie kwalifiseer?

Alle gegradueerdes met 'n graad in Meganiese of Elektriese Ingenieurswese sal in aanmerking kom vir indiensneming in Januarie.

Aansoeke:

CV, afskrif van ID en akademiese rekord moet gestuur word aan Tameron Steenkamp by tameron.steenkamp@arup.com

Sluitingsdatum: Aansoekproses sluit op 30 Oktober.

Nelson Mandelabaai Munisipaliteit

Wie kwalifiseer?

Studente wat Elektriese (swaarstroom) of Siviele Ingenieurswese, of Stads- en Streekbeplanning wil doen.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Posbus 116, PORT ELIZABETH 6000

Sluitingsdatum:

Voornemende aansoekers moet navraag doen by 041 506 3259 oor die sluitingsdatum voordat die aansoekvorm gepos word.

Waarde:

Studie- en akkommodasiegeld, koste van etes en 'n persoonlike toelaag. Geen boek- en fotostaattoelae nie.

Besonderhede:

Diensverpligting van een jaar vir elke jaar wat die beurs gebruik word.

Richter

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R4 000

SAAB Suid-Afrika (Edms) Bpk

Wie kwalifiseer?

'n Aantal beurse word gebied aan studente in Elektroniese Ingenieurswese.

Aansoeke:

Menslike Hulpbronne, Besigheidsondersteuning, SAAB Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 8792, CENTURION 0046

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde: Studie- en inwoningsgeld, plus 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Van beurshouers word verwag om sekere werk in die somervakansie te verrig en 'n dienskontrak te sluit.

SA Instituut vir Elektriese Ingenieurs

Wie kwalifiseer?

Studente wat finansiële-behoefte en akademies sterk is en Elektriese, Elektroniese of Rekenaaringenieurswese wil doen.

Aansoeke:

Die Sekretaris, SAIEE, Posbus 751253, GARDENVIEW 2047; E-pos: dudum@saiee.org.za

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R30 000

Besonderhede:

Vanaf eerste studiejaar, vir een jaar.

Geen diensverpligting betrokke.

Die SAIEE stel studielenings beskikbaar aan studente wat nie suksesvol was met hul beursaansoeke nie. Besonderhede beskikbaar by SAIEE.

9.3 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese

Anonieme Skenker

Wie kwalifiseer?

Behoeftige, verdienstelike studente in Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Beurse word in samewerking met die Voorsitter van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese toegeken.

Arup Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Studente wat vir 'n graad in Meganiese of Elektriese Ingenieurswese studeer. Arup soek uitsonderlike mense met vars idees en weetgierigheid wat 'n wesentlike verskil wil maak aan die omgewing waarin ons leef: passie, dryfkrag, kreatiwiteit en akademiese prestasie is 'n voorvereiste.

Aansoeke:

Die aansoekproses kan van Tameron Steenkamp by tameron.steenkamp@arup.com verkry word.

Sluitingsdatum: Aansoeke open op 1 Julie en sluit op 30 September.

Arup Pty Ltd – Program vir Gegradueerdes

Wie kwalifiseer?

Alle gegradueerdes met 'n graad in Meganiese of Elektriese Ingenieurswese sal in aanmerking kom vir indiensneming in Januarie.

Aansoeke:

CV, afskrif van ID en akademiese rekord moet gestuur word aan Tameron Steenkamp by tameron.steenkamp@arup.com

Sluitingsdatum: Aansoekproses sluit op 30 Oktober.

KwaZulu-Natal Provinsiale Administrasie Beursskema

Wie kwalifiseer?

- Meganiese of Siviele Ingenieurswese-studente vanaf die tweede studiejaar.
- Mediese studente vanaf die derde studiejaar.

Aansoeke:

Die Direkteur-generaal, KwaZulu-Natal Provinsiale Administrasie, Privaat Sak 9037, PIETERMARITZBURG 3200

Sluitingsdatum: 30 September

9.4 Departement Siviele Ingenieurswese

Arup Opvoedkundige Trust

Wie kwalifiseer?

Studente wat vir 'n graad in die bou-omgewing (ingenieurswese, argitektuur, konstruksiestudie, bestekopmeting, dorpsbeplanning, ens.) studeer.

Voorkeur sal gegee word aan voorheen benadeelde individue (soos per SA BGSEB-kodes). Die student se ouers of voogde/borge moet 'n gesamentlike huishoudelike netto inkomste van R15 000 of minder hê.

Uitstekende akademiese resultate is noodsaaklik.

Aansoeke:

Die aansoekvorm kan gevind word op die Trust se webwerf by www.arupedutrust.org

Sluitingsdatum: Open op 1 Julie en sluit op 30 September.

Beamish (Roy Beamish)

Wie kwalifiseer?

Een beurs vanaf die tweede studiejaar aan 'n behoeftege en verdienstelike manlike student vir studie in Siviele Ingenieurswese of Geneeskunde.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Word toegeken vir die duur van die studieprogram, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

BKS (EDMS) BPK

Wie kwalifiseer?

Studente wat akademies goed presteer.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, BKS (Edms) Bpk, Posbus 3173, PRETORIA 0001; E-pos: lorrainevz@bks.co.za

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde:

- 'n Vaste bedrag om aangewend te word vir studiekoste.
- 'n Rekenaar sal in die 2de jaar aan beurshouers verskaf word.

Garden Cities

Wie kwalifiseer?

Studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe, insluitende vrouestudente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Siviele Ingenieurswese, Bestekopname, Boukunde.

Beurse is beskikbaar vanaf die tweede studiejaar.

Nelson Mandelabaai Munisipaliteit

Wie kwalifiseer?

Studente wat Siviele Ingenieurswese of Elektriese Ingenieurswese (swaarstroom), of Stads- en Streekbeplanning wil doen.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Posbus 116, PORT ELIZABETH 6000

Sluitingsdatum:

Voornemende aansoekers moet navraag doen by 041 506 3259 oor die sluitingsdatum voordat die aansoekvorm gepos word.

Waarde:

Studie- en akkommodasiegeld, koste van etes en 'n persoonlike toelaag. Geen boek- en fotostaattoelae nie.

Besonderhede:

Diensverpligting van een jaar vir elke jaar wat die beurs gebruik word.

SANRAL

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken aan finansiële-behoefte, akademiese verdienstelike studente wat beplan om 'n voltydse graad in Siviele Ingeneurswese te volg. Beurse is beskikbaar vir studente wat hul eerste jaar voltooi het en wat geregistreer is vir hul 2de, 3de, 4de jaar, of vir nagraadse studies.

'n Motiveringsbrief moet die aansoeke van eerstejaarstudente vergesel.

Aansoeke: www.nra.co.za

Sluitingsdatum: 30 November

Waarde:

Die beurs sal studiegeld, handboeke, kos, losiesgeld en reisgeld dek, en sal ook 'n lewenstoelaag insluit.

10. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

10.1 Verskeie departemente

Beamish (Roy Beamish)

Wie kwalifiseer?

Een beurs vanaf die tweede studiejaar aan 'n behoeftige en verdienstelike manlike student vir studie in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of Siviele Ingenieurswese.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Word toegeken vir die duur van die studieprogram, derhalwe is 'n nuwe beurs nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Bosma (Helena Bosma)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan behoeftige MBChB-studente vanaf tweede jaar van studie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Dean (NJ Dean)

Wie kwalifiseer?

Tweedejaarstudente wat in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Regsgeleerdheid studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse beurs vir 'n tydperk van hoogstens 3 jaar.

Du Preez (JW du Preez)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike, hardwerkende en behoeftige studente in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Natuurwetenskappe, vanaf die tweede studiejaar.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voortsetting van die beurs vir die volle duur van die studieprogram is afhanklik van bevredigende vordering.

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Beursfonds

Wie kwalifiseer?

MBChB studente in hul 1ste tot 4de jaar; studente in hul 1ste tot 3de jaar in B in Arbeidsterapie, BSc (Dieetkunde), BSc (Fisioterapie) of B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie.

Aansoeke:

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Hoof: Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerbergkampus).

Waarde:

Wissel na gelang van die student se finansiële behoefte.

Besonderhede:

Verdienstelike en behoeftige studente sal elke jaar gedurende die 1ste kwartaal deur die Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerberg) aan die Fakulteitsbestuur (Direkteur: Besigheidsbestuur) voorgelê word vir goedkeuring. Kandidate moet aan die minimum akademiese toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen.

Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde kandidaat toegeken word, met dien verstande dat die kandidaat elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen, of deur die Hertoelatingsappélkomitee hertoegelat is tot die betrokke program.

Nadat die lys van studente wat kwalifiseer vir 'n beurs deur die Fakulteitsbestuur goedgekeur is, sal die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings, in samewerking met die Beurskantoor op die Tygerbergkampus, die verdere administrasie hanteer.

Granelli (Joseph Granelli)

Wie kwalifiseer?

Aan studente vanaf die tweede jaar.

Die kriteria van toekenning is verdienstelikheid en duidelike bewys van finansiële behoefte.

Studente met ruim beurse, byvoorbeeld R10 000 per jaar of meer, kom nie in aanmerking nie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Hansen (John Michael Hansen)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente vanaf die tweede jaar.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R800

Besonderhede:

Twee beurse vir 3 jaar elk, elke derde jaar.

Mediese Vereniging van SA (Tak Tygerberg Boland)

Wie kwalifiseer?

Een beurs vir een jaar aan 'n verdienstelike en behoeftige derdejaarstudent.

Waar kandidate se omstandighede andersins essensieel dieselfde is, sal voorkeur verleen word aan 'n kind van 'n mediese praktisyn wat 'n lid van die Mediese Vereniging van SA is of was.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Meiring (Dr Meiring-gedenkbeurse)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan behoeftige studente vanaf die derde studiejaar.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Beurse word betaal uit die opbrengs van 'n nalatenskap van wyle dr Meiring.

Mushet

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en veral behoeftige voorgraadse studente.

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

Toegeken vir die duur van die studieprogram, daarom is nuwe toekennings nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Pelletter (Charles Pelletter Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

'n Student wat in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Fisika, Wiskunde, of verwante vakke wil studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die bogemelde vakgebiede wil studeer.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen.

Stighlingh-gedenkbeurs (Vereniging van Staatsamptenare van SA)

Wie kwalifiseer?

Studente wat in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of Natuurwetenskappe wil studeer.

Staatsamptenare, of lede en kinders van lede van die Vereniging, wat reeds 12 maande of langer in die Staatsdiens of lid van die Vereniging is.

Waar van toepassing, moet bewyse van ampte van beide biologiese ouers ingehandig word as bevestiging.

Studente moes reeds die eerste akademiese jaar suksesvol voltooi het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R3 000

10.2 Departement Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe

Arbeidsterapie

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Minstens 4 beurse elk vir die duur van die studieprogram, derhalwe is nuwe toekennings nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Kok (Dorinda Kok)

Wie kwalifiseer?

'n Behoeftige en verdienstelike eerstejaarstudent in Spraak-taal- en Gehoorterapie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Die beurs kan voortgesit word indien die student slaag, maar daar moet jaarliks heraansoek gedoen word, derhalwe is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Beurse vir nagraadse studente

Hierdie lys is nie volledig nie. Verwys asseblief ook na die inligtingstukke beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/pgof/funding> (slegs in Engels beskikbaar).

Bepalings vir die toekenning van beurse vir nagraadse studente:

- Nagraadse kandidate wat reeds 'n kwalifikasie op dieselfde vlak of hoër het as dié waarvoor om steun aansoek gedoen word, kwalifiseer nie om aansoek te doen vir beurse wat deur die US geadminestreer word nie.
- Nagraadse studente wat eers vanaf die tweede semester registreer, word slegs die helfte van die oorspronklike beursbedrag van beurse wat deur die US geadminestreer word, betaal.
- Waar 'n betrokke beursvoorsiening maak vir 'n voortsettingstoekenning aan nagraadse studente, moet so 'n voortsettingsaansoek, vergesel deur 'n aanbeveling van die studieleier/promotor, die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing teen die vasgestelde sluitingsdatum bereik. Voortsettingsaansoeke is onderworpe aan die beskikbaarheid van fondse.

1. Beurse vir studie in die meeste fakulteite

1.1 Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings

Aligarh Association of SA

Aansoeke:

Prof AA Wadee (Hon. Secretary), Aligarh Old Boys' Scholarship Trust, PO Box 42406, FORDSBURG 2033

Sluitingsdatum: 31 Oktober in die voorafgaande studiejaar

Eriksen (Ernst en Ethel Eriksen-trust)

Wie kwalifiseer?

Geen beperking t.o.v. geslag, ras of studierigting nie. Slegs studente wat meesters- of doktorsgrade wil volg, word oorweeg.

Aansoeke:

The Ernst and Ethel Eriksen Trust, Private Bag X67, BRYANSTON 2021; www.eriksentrust.co.za

Sluitingsdatum: 30 September

Nasionale Navorsingstigting (NNS)

Wie kwalifiseer?

Beurse vir voltydse honneurs-, magister- en doktorale studie.

Aansoeke:

Elektroniese (aanlyn) aansoeke vir nagraadse beurse op honneurs-, magister- en doktorale vlak:

<http://nrconnect.nrf.ac.za>

Sluitingsdatums:

- 8 Julie (Doktoraal)
- 8 Julie (Magister)
- 20 November (Honneurs)

Besonderhede:

Volledige besonderhede oor hierdie beurse, asook oor toekeninghouerbeurse en beurse aan studente met gestremdhede, is by die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing beskikbaar.

Thom (HB en MJ Thom Trust)

Wie kwalifiseer?

Die kriteria vir toekenning sluit betroubaarheid van karakter of positiewe leierseienskappe op enige terrein, met insluiting van sportprestasie, in.

Hoewel dit nie 'n vereiste is nie, sal die Universiteit by die toekenning van die beurse voorkeur gee aan aansoekers wat, benewens die gestelde vereistes, in hul voorafgaande graad/studie akademies goed geprester het.

Aansoeke:

Aansoekvorme is by www.sun.ac.za/pgo/funding beskikbaar.

Elke aansoeke moet vergesel word deur 'n bondige CV en minstens twee getuigskrifte deur persone wat betroubaar en met gesag kommentaar kan lewer t.o.v. voldoening aan die beurskriteria waarna hierbo verwys word.

Sluitingsdatum:

2 September van die voorafgaande studiejaar.

Besonderhede:

'n Maksimum van tien beurse aan nagraadse studente in enige studierigting.

Universiteit Stellenbosch Nagraadsebeursprogram

Wie kwalifiseer?

Beskikbaar vir voltydse nagraadse studente in enige studierigting. Buitelandse studente mag ook aansoek doen.

Aansoeke:

Aansoekvorme is by www.sun.ac.za/pgo/funding beskikbaar.

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar

Besonderhede:

Onderhewig aan regulasiewysigings en beskikbaarheid van befondsing.

Volledige inligting is op aanvraag by die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing beskikbaar.

1.2 Beurse onderworpe aan sekere beperkings

Blind SA

Wie kwalifiseer?

Blinde en swaksienende studente en siende kinders van gesiggestremde ouers.

Aansoeke:

Die President: me CJ Donaldson, Blind SA, Privaat Sak X9005, CROWN MINES 2025; www.blindsa.org.za

Waarde: R8 000 per jaar vir die normale duur van die studieprogram.

Du Toit (Willie du Toit (Quaggasfontein)-opvoedingsfonds)

Wie kwalifiseer?

Voorkeur aan studente uit die distrikte Loxton en Victoria-Wes.

Aansoeke:

Die Trustees, Willie du Toit (Quaggasfontein)-opvoedingsfonds, Posbus 24, VICTORIA-WES 7070

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Ongeveer gelyk aan studiegeld.

Besonderhede:

Indien fondse voldoende is, kan aansoekers uit ander dele, met voorkeur aan Kaapland, ook in aanmerking geneem word.

Hendriksz (Gawie Hendriksz)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige kinders uit weeshuise, of kinders wat in 'n inrigting geplaas is weens die mislukte huwelike van hulle ouers.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Ongeveer R6 000.

Immigrantekinders

Wie kwalifiseer?

Verdienselike en/of behoeftige kinders van immigrante wat vir drie jaar of minder in die RSA woon.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Dokumentêre bewys dat die applikant 'n immigrant is, moet die aansoek vergesel.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen om voortsetting.

Jacobs-familie**Wie kwalifiseer?**

Direkte afstammeling van Jan Abraham Jacobs. 'n Duidelike uiteensetting van die familieverband moet verstrek word. Aansoekers moet behoeftig, verdienstelik, en lidmate van die NG Kerk wees.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op my.sun.ac.za beskikbaar.

Besonderhede:

Beurse vir hoogstens 3 jaar.

Die beurse kan op Stellenbosch of by die Universiteit van die Vrystaat benut word.

Hierdie beurs word toegeken ooreenkomstig die bepalinge en voorwaardes soos deur die skenker neergelê.

Knacke (FW Knacke)**Wie kwalifiseer?**

Beurse aan verdienstelike maar veral behoeftige studente wie geheel of gedeeltelik van Duitse afkoms is, Duitssprekend is en reeds hulle eerste studiejaar aan die Universiteit voltooi het.

Alle vakrigtings behalwe Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Regsgeleerdheid.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

By toekenning van die beurse, sal die Trustees finansiële ondersteuning wat aansoekers vanaf ander bronne ontvang in aanmerking neem.

Beurshouers moet elke jaar heraansoek doen om voortsetting van die beurs, wat op grond van bevredigende akademiese vordering oorweeg sal word.

Die Trustees van die Knacke Trust beklemtoon dat hierdie beurs veral finansiële behoeftige studente wil help, al presteer hulle nie noodwendig akademies voortreflik nie.

Malan (FS en WC Malan)**Wie kwalifiseer?**

Gebore-Malan-studente wat behoeftig en verdienstelik is.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Mostert (Fritz en Anna Mostert)**Wie kwalifiseer?**

Sowel voorgraadse as nagraadse B-gradstudente wat aan skole in die landdrosdistrikte Hopefield, Malmesbury, Moorreesburg, Piketberg, Porterville, Velddrift en Vredenburg gematrikuleer het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Muller (Dr JH Muller)**Wie kwalifiseer?**

Behoeftige studente, afkomstig uit die Vrystaat.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Myburghbond van Suid-Afrika Trust**Wie kwalifiseer?**

Die aansoeker moet 'n gebore Myburgh, Myburg, Meyburgh, Meyburg, Mijburg, Meijburgh of Meijburg wees; en

Die aansoeker moes 'n gemiddelde prestasie van 65% in die laaste graad verwerf het.

Aansoeke:

Per pos of per e-pos aan Die Voorsitter, Myburghbond van Suid-Afrika Trust, Posbus 30194, PELLISIER 9322, of myburghbond@gmail.com. Die volgende dokumentasie moet die aansoek vergesel:

- Drie afskrifte van die CV sowel as puntetaal – indien die aansoek per pos gestuur word, of 'n enkel CV en puntetaal indien die aansoek per e-pos gestuur word (vir spoedige goedkeuring deur Trustees/Raadslede individueel);
- Bewys van registrasie vir die graadprogram waarvoor daar vir die beurs aansoek gedoen word;
- 'n Afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument. In geval van 'n getroude Myburgh-gebore damestudent, moet haar geboortesertifikaat of huweliksertifikaat by die aansoek ingesluit word.

Goedkeuring van aansoeke sal deur die Trusteeraad beslis word en die beslissing van die Raad sal finaal wees. Indien meer as een aansoek ontvang word, word goedkeuring op grond van meriete gedoen.

Die Toekenning van hierdie beurs is eenmalig per graad en student, en word jaarliks beskikbaar gestel vir 'n volgende Myburghstudent.

Sluitingsdatum: 1 Julie elke jaar.

Waarde: R20 000

Besonderhede:

Die aansoeker moet bereid wees om, indien sy of haar aansoek goedgekeur word, lid van die Myburghbond van SA te word. Die aansoek om lidmaatskap en inligtingsvorm vir die familietak moet deur die ouers of die aansoeker aan die Bondskantoor gestuur word. Vorms is beskikbaar by Bondskantoor (eenmalige lidmaatskap is R500). Die beursbedrag word betaal sodra die aansoek- en inligtingsvorms ontvang is.

Die suksesvolle aansoeker moet vir minstens die volgende twee jaar skriftelik aan die Bondskantoor rapporteer oor sy of haar akademiese vordering.

Navrae: Tel./faks: 051 422 4639, of selfoon: 083 309 8704.

Roos (Paul Roos Gimnasium Bymekaar-studiefonds)

Wie kwalifiseer?

Kinders van onderwysers/onderwyseresse wat in 'n permanente hoedanigheid aan Paul Roos Gimnasium skoolhou, asook direkte afstammeling van Coenraad Hendrik Loubser.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Roos (Paul Roos Gimnasium (Rhodes-beurs))

Wie kwalifiseer?

'n Ongetroude oud-Paul Rooser; 19 tot 24 jaar oud met 'n graad of ander kwalifikasie wat aanvaarbaar is vir die Universiteit van Oxford.

Aansoeke:

Die Rektor, Paul Roos Gimnasium, STELLENBOSCH 7600; www.rhodestrust.org.za

Sluitingsdatum: 15 Augustus

Waarde: Dek alle koste.

Besonderhede:

Vir 1 tot 3 jaar studie by Oxford.

Rotariërklub: Kaapstad

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf die tweede studiejaar uit die Kaapse Skiereiland met die klem op gemeenskapsdiens.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Studiegeld plus 'n boeketoelaag.

Stad Kaapstad: Buitemuurse Beurse

Wie kwalifiseer?

Inwoners van die stad Kaapstad.

Aansoeke:

Kaapstad Munisipaliteit, Departement Menslike Hulpbronne, Posbus 298, KAAPSTAD 8000

Sluitingsdatum:

Word jaarliks bepaal en in die plaaslike media gekommunikeer.

Theron (Frans en Rykie Theron-studiefonds)

Wie kwalifiseer?

- Studente wat hulle as predikante of sendelinge wil bekwaam;
- Studente wat 'n graadprogram in Landbou wil volg;
- Studente wat 'n nagraadse program in Spektrofisika wil volg;
- In al die gevalle moet voorkeur gegee word aan studente wat afstammeling is van die Theron-, Marais- en Zeeman-families. 'n Duidelike skriftelike uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op my.sun.ac.za beskikbaar.

Besonderhede:

Beurse uit die boedel van wyle mev RJ Marais van Tulbagh. Dat die rente daarop jaarliks gebruik sal word om minstens een beurs te gee aan verdienstelike studente wat finansiële steun nodig het in elk van die bogenoemde kategorieë.

Indien daar in 'n betrokke jaar geen studente is wat aan die voorwaardes voldoen nie, moet die beurse aan studente van genoemde families gegee word wat enige ander studieprogram aan die Universiteit Stellenbosch volg; daarna aan studente afkomstig uit die distrik Tulbagh.

Union of Jewish Women of South Africa (Toni Saphra)

Wie kwalifiseer?

Die Toni Saphra-beurs is vir 'n nagraadse of finalejaar-vrouestudent wie se voorgenome verdere studie haar beter sal toerus om die een of ander diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer.

Aansoeke:

The Bursary Officer, The Union of Jewish Women of SA, PO Box 87556, HOUGHTON 2041

Sluitingsdatum: 1 Maart – 31 Julie.

Waarde: R20 000

Besonderhede:

Beurshouers kan jaarliks om hernuwing van die beurs aansoek doen, vir die goedgekeurde duur van die studieprogram.

Van Zijl (Petrusa van Zijl)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige afstammeling van die ses susters van die skenker, wyle mev Petrusa Groenewald (gebore van Zijl).

'n Duidelike skriftelike uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op my.sun.ac.za beskikbaar.

Viljoen (Elizabeth Viljoen-trust)

Wie kwalifiseer?

Afstammeling en aangenome kinders van broers en susters van wyle mej Elizabeth Viljoen wat hulle studie aan die US wil voortsit.

Aansoeke:

Aansoekvorms vir familiebeurse is op my.sun.ac.za beskikbaar.

Waarde:

Wisselend, afhangende van die hoeveelheid aansoeke wat ontvang word.

2. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

2.1 Verskeie departemente

De Klerk (DP de Klerk)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Besonderhede:

'n Beurs, of beurse, vir 'n studiereis na die buiteland of vir navorsing in Urologie of Lettere alternatiewelik.

De Vries (Sheelagh Fitzpatrick de Vries-beurs)

Wie kwalifiseer?

Een of twee beurse wat jaarliks toegeken word vir nagraadse studie in Klassieke Letterkunde of Antieke Kulture.

Beurse word toegeken op grond van akademiese meriete en/of finansiële behoefte.

Uitnemende voorgraadse studente kan ook aansoek doen vir studie in die derde jaar.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Antieke Studie, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 31 Oktober van die voorafgaande studiejaar.

Besonderhede:

Word jaarliks toegeken en is eenmalig hernubaar met 'n hernuwingsaansoek.

Kaapse Drie-eeufeesstigting (Dudley D'Ewes Beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Magister- of doktorale studente in die velde van letterkunde, kuns, musiek, drama, ballet, omgewingstudie en natuur- of kultuurbewaring.

Aansoeke:

Gloria Barrett, Postnet Suite 354, Privaat Sak X16, CONSTANTIA 7848; Tel.: 021 683 3990; Faks: 021 671 6404; E-pos: info@cape300foundation.org.za; www.cape300foundation.org.za

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend, tot R10 000.

Slater (WJB Slater)

Wie kwalifiseer?

Vir nagraadse studie in die uitvoerende kunste, ballet, spraak en drama, musiek en skone kunste.

Kandidate sal op grond van akademiese meriete, karaktereienskappe, motivering en studierrein gekeur word.

Aansoeke:

The Scholarships and Bursaries Officer, Grahamstown Foundation, PO Box 304, GRAHAMSTOWN 6140

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: R4 000

Besonderhede:

Aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en woonagtig in Suid-Afrika wees.

Geen ander beurs, stipendium of betaalde aanstelling mag sonder die toestemming van die Grahamstown Foundation gehou word nie.

Uys (Dirkie Uys-gedenkfonds)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Politieke Wetenskap, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Ekonomie, Antropologie, Geografie, Sosiologie.

Van Ewijck (Van Ewijck-stigting)**Wie kwalifiseer?**

Voorgraadse en nagraadse studente wat studeer of navorsing wil doen in 'n Nederlandse dissipline, of wat navorsing wil doen op 'n terrein waar die betrekkinge met Nederland 'n rol speel, of studente van Nederlandse afkoms (ouerskap).

Aansoeke:

<http://www.ewijckfoundation.co.za/> of kontak die Sekretaris by nieuwoudt0@absamail.co.za

Besonderhede:

Hierdie navorsing of studie behels ook studies aan Nederlandse universiteite of goedgekeurde instellings. Suksesvolle aansoekers sal sekere bewyse moet lewer, soos bewyse van registrasie as student, of bewys van 'n uitnodiging of aanvaarding by 'n Nederlandse universiteit of instelling.

Sluitingsdatum:

Sluitingsdatum vir aansoeke vir die volgende kalenderjaar is 31 Oktober.
Tussentydse aansoeke word ook oorweeg.

2.2 Departement Afrikaans en Nederlands**De Jager (CJ de Jager-beursfonds)**

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderworpe aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Vir voltydse nagraadse studie

Hertzog (Generaal JBM Hertzog)**Wie kwalifiseer?**

By voorkeur 'n student in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, of in Afrikaans en Nederlands.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderworpe aan die beskikbaarheid van fondse.

Scholtz (J du P Scholtz)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Voorgraadse en voltydse of deeltydse nagraadse beurse.

Nagraadse studente kan beurse behou vir verdere studie hier of in Nederland, na goeddunke van die Universiteit Stellenbosch.

Smith (JJ Smith)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Een beurs vir navorsing in die taalkunde.

Van Ewijck (Van Ewijck-stigting)**Wie kwalifiseer?**

Twee jaarlikse beurse van wisselende bedrae vir studente wat aan die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit Stellenbosch studeer en wat reeds in hulle Nederlandse studies bewys gelewer het van uitstekende prestasies.

Besonderhede:

Navrae oor hierdie beurse kan gedoen word by die Departement Afrikaans en Nederlands. Die waarde van hierdie beurse word deur die Van Ewijck-stigting aan die Departement geskenk.

Die Departement besluit self oor die twee kandidate aan wie die toekennings gemaak word op grond van hulle prestasies. Kandidate mag nie beide 'n prestasie- én 'n algemene studiebeurs van die Van Ewijckstiging ontvang nie.

Weiss (Hymne Weiss-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Voltydse nagraadse studente in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Departement Afrikaans en Nederlands, US.

Sluitingsdatum: 31 Desember

Besonderhede:

Die Universiteit behou die reg voor om in 'n spesifieke jaar nie 'n toekenning te maak nie.

Indien 'n beursoouer binne die toekenningsjaar sy/haar studie staak, moet die volle beurs voor 31 Desember van dieselfde jaar terugbetaal word.

2.3 Departement Drama

Engelen (Fred Engelen)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Laat aansoeke aanvaarbaar onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Waarde:

Wisselend, maar nie minder as R3 000 nie, onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Beurs as bydrae tot die reiskoste van 'n nagraadse student in die Departement Drama vir voortgesette teaterstudie in die buiteland.

Studie-onderwerp en plek van studie onderworpe aan goedkeuring van 'n keurkomitee.

2.4 Departement Engels

Old Mutual/Grahamstown Stigting

Wie kwalifiseer?

Honneursstudente sal voorkeur geniet.

Kandidate sal op grond van akademiese meriete, karaktereienskappe, motivering en studierrein gekeur word.

Kandidate moet Suid-Afrikaanse burgers en woonagtig in Suid-Afrika wees.

Aansoeke:

The Scholarships and Bursaries Officer, Grahamstown Foundation, PO Box 304, GRAHAMSTOWN 6140

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: R10 000

Besonderhede:

Vir nagraadse studie in Engels of verwante veld. Geen ander beurs, stipendium of betaalde aanstelling mag sonder die toestemming van die Stigting aanvaar word nie.

Taute (Babette Taute)

Wie kwalifiseer?

Aansoekers moet finalejaar- of honneursstudente wees.

Aansoeke:

Die Trustees: Babette Taute Trust, Sanlam Trust, Posbus 1260, SANLAMHOF 7532

Sluitingsdatum: 1 Oktober

Besonderhede:

Boekbeurse beskikbaar vir voltydse of deeltydse studie in enige vertakking van die Engelse letterkunde of taalkunde, insluitende toegepaste taalstudie wat verband hou met Engels. Minstens die helfte van die studieprogram moet regstreeks met die Engelse taal verband hou.

Studiebeurse beskikbaar vir voltydse finalejaar- en honneursstudente in enige vertakking van die Engelse

letterkunde of taalkunde, insluitende toegepaste taalstudie wat verband hou met Engels. Minstens die helfte van die studieprogram moet regstreeks met die Engelse taal verband hou.

Victoria League

Wie kwalifiseer?

Een beurs beskikbaar vir 'n Honneursstudent in die Departement Engels wat in die onderrig van die Engelse taal wil spesialiseer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember.

2.5 Departement Geskiedenis

Blommaert

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Conradie (GD Conradie)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Dekker (HP Dekker)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Hertzog (Generaal JBM Hertzog)

Wie kwalifiseer?

By voorkeur 'n student in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, of in Afrikaans en Nederlands.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Prowse (Ruth Prowse)

Aansoeke:

Mnr C Pauw, Ruth Prowse-beursfonds, Tweedstraat 4, NUWELAND 7700

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: R800 per jaar.

Besonderhede:

Visuele Kunste, Kultuurgeskiedenis of Museumkunde. 'n Nagraadse merietebeurs slegs aan Suid-Afrikaanse burgers, ook vir oorsese studie. Vir 'n tydperk van een jaar.

2.6 Departement Inligtingwetenskap

Geyser (Sakkie Geyser)

Wie kwalifiseer?

'n Nagraadse student in Sosio-informatika.

Aansoeke:

Geen aansoeke, word deur departement toegeken.

Waarde:

Wisselend, tot 'n maksimum van R5 000.

Besonderhede:

'n Beurs wat vir een jaar toegeken word.

Heraansoeke na 'n eerste toekenning sal oorweeg word.

Toekenning geskied op grond van finansiële behoefte, akademiese meriete, geskiktheid vir die beroep en leierskapspotensiaal.

2.7 Departement Joernalistiek

Car Tydskrif

Wie kwalifiseer?

Een beurs vir 'n student wat reeds deur die Dept. Joernalistiek aanvaar is.

Aansoeke:

Mnr Ramsay, Media (Edms) Bpk, Posbus 180, HOWARD PLACE 7450; E-pos: applications@ramsaymedia.co.za

Sluitingsdatum:

Einde van die eerste semester.

Waarde: R12 000

Besonderhede:

Studente word gekeur op grond van hulle studierekord en 'n persoonlike onderhoud.

2.8 Departement Maatskaplike Werk

Hofmeyr en De Vos

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R1 000

Besonderhede:

Maatskaplike Werk- en Teologie-losiesbeurse.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen om voortsetting.

Union of Jewish Women of South Africa (Toni Saphra)

Wie kwalifiseer?

Die Toni Saphra-beurs is vir 'n nagraadse of finalejaar-vrouestudent wie se voorgenome verdere studie haar beter sal toerus om die een of ander diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer.

Aansoeke:

The Bursary Officer, The Union of Jewish Women of SA, PO Box 87556, HOUGHTON 2041

Sluitingsdatum:

1 Maart – 31 Julie.

Waarde: R20 000

Besonderhede:

Beurshouers kan jaarliks om hernuwing van die beurs aansoek doen, vir die goedgekeurde duur van die studieprogram.

2.9 Departement Musiek

Bowman (Lionel Bowman-beurs/prys)

Wie kwalifiseer?

Een beurs/prys word jaarliks toegeken aan 'n voorgraadse of nagraadse student vir die beste interpretasie van 'n volledige solo klavierwerk van Beethoven.

Aansoeke: Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

Applikante moet 'n openbare uitvoering van 'n volledige werk van Beethoven vir beoordeling lewer.

Chapman (Myra Chapman Opvoedkundige Trust)

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

Nagraadse beurse kan vir 'n maksimum van twee jaar aan dieselfde kandidaat toegeken word.

Daar moet jaarliks vir hernuwing aansoek gedoen word.

Die toekennings geskied in oorleg met die Dept. Musiek.

Indien geen geskikte nagraadse kandidate kwalifiseer nie, kan die totale bedrag vir kwalifiserende voorgraadse studente aangewend word.

Elphick (Edna Elphick)

Wie kwalifiseer?

Ingeskrewe of voornemende studente (voltyds of deelyds), asook oudstudente van die Konservatorium.

Aansoekers mag nie ouer as 25 jaar wees op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

Tjello.

Een beurs word beskikbaar gestel.

Die toekenning geskied op grond van mededinging en aansoekers moet in die openbaar 'n kort konsertprogram vir beoordeling uitvoer.

'n Toekenning sal slegs geskied indien die standaard bevredigend is.

Die geld moet aangewend word vir studie aan die Konservatorium, of vir buitelandse studie aan 'n goedgekeurde instelling.

Hendrikz (Hilda Hendrikz)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike voor- of nagraadse studente in sang.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend.

Molteno (HA Molteno)

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 1 Maart

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

'n Wisselende aantal beurse vir nagraadse studie in musiek. Die beurse is hernubaar, maar daar moet telkens om hertoekenning aansoek gedoen word.

Quick (Mabel Quick)

Wie kwalifiseer?

Voornemende of ingeskrewe voltydse musiekstudente.

Mededingers om hierdie beurse mag nie ouer as 23 jaar wees op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie. Vorige wenners mag nie weer deelneem nie.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

Twee beurse. Een beurs is vir sang, die ander vir enige musiekinstrument.

Toekenning geskied op 'n basis van mededinging. Aansoekers moet in die openbaar 'n kort program voor beoordelaars uitvoer. Daar sal van wenners verwag word om sang, of die bepaalde musiekinstrument waarmee hulle gewen het, as hoofstudierigting in die daaropvolgende studiejaar aan te bied.

Quick (Mabel Quick) (buitelandse beurs)

Wie kwalifiseer?

'n Student of oudstudent van die Universiteit Stellenbosch vir gevorderde studie in enige instrument of sang. Slegs studente of oudstudente wat op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie ouer as 30 jaar is nie, sal in aanmerking geneem word.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch.

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde:Wisselend

Besonderhede:

Een beurs elke tweede jaar.

Die uitvoering van 'n kort konsertprogram vir beoordeling, of die voorlegging van ander toepaslike bewyse van standaard, sal verlang word. Die suksesvolle kandidaat moet die Universiteit binne drie maande na die toekenning van die oorsese beurs verwittig of die beurs aangeneem word, of nie.

Die beurs is in twee gelyke paaiemente betaalbaar.

Die eerste paaiement word uitbetaal na voorlegging van die beplande studieprogram, sodra die ontvanger gereed is om na die buiteland te vertrek.

Die uitbetaling van die tweede paaiement geskied nie minder as 6 maande later nie, na ontvangs van 'n bevredigende vorderingsverslag van die betrokke dosent(e) of inrigting.

Behalwe met spesiale toestemming van die Universiteitsraad, word die beurs verbeur indien dit nie binne 2 jaar na die datum van toekenning gebruik word nie.

Indien geen bevredigende vorderingsverslag binne 12 maande na die uitbetaling van die eerste paaiement ontvang word nie, word die tweede paaiement verbeur.

2.10 Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie

Union of Jewish Women of South Africa (Toni Saphra)

Wie kwalifiseer?

Die Toni Saphra-beurs is vir 'n nagraadse of finalejaar-vrouestudent wie se voorgenome verdere studie haar beter sal toerus om die een of ander diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer.

Aansoeke:

The Bursary Officer, The Union of Jewish Women of SA, PO Box 87556, HOUGHTON 2041

Sluitingsdatum: 1 Maart – 31 Julie.

Waarde: R20 000

Besonderhede:

Beurshouers kan jaarliks om hernuwing van die beurs aansoek doen, vir die goedgekeurde duur van die studieprogram.

2.11 Departement Visuele Kunste

Canitz (GP Canitz)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan verdienstelike voor- en nagraadse studente in die skilderkuns.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Studente moet jaarliks om hernuwing aansoek doen.

Laubser (Maggie Laubser) (Plaaslik)

Wie kwalifiseer?

Beurse vir behoeftige studente, maar nie beskikbaar aan eerstejaarstudente nie.

Voorkeur aan studente in die skilderkuns, veral diegene wat reeds verder gevorder is in hulle studie.

Aansoeke: Departement Visuele Kunste

Laubser (Maggie Laubser) (Oorsee)

Wie kwalifiseer?

Voorwaardes soos vir plaaslike beurse hierbo.

Aansoeke: Departement Visuele Kunste

Besonderhede:

Alle aansoekers moet volledige studierekords aanheg.

'n Volledige uiteensetting van voorgenome navorsing moet verskaf word, asook die plek van studie en datum van die aanvang van studietydperk.

Prowse (Ruth Prowse)

Aansoeke:

Mnr C Pauw, Ruth Prowse-beursfonds, Tweedstraat 4, NUWELAND 7700

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: R800 per jaar.

Besonderhede:

Visuele Kunste, Kultuurgeskiedenis of Museumkunde.

'n Nagraadse merietebeurs aan Suid-Afrikaanse burgers, selfs vir oorsese studie.

Vir 'n tydperk van een jaar.

3. Fakulteit Natuurwetenskappe

3.1 Verskeie departemente

Fuchs (Carl en Emily Fuchs Oorsese Beurs)

Wie kwalifiseer?

'n Doktorale student met uitnemende akademiese prestasie vir voltydse studie van een jaar aan 'n erkende en verkieslik toonaangewende oorsese universiteit in die wetenskap, tegnologie, ekonomie, finansies, besigheidsbestuur, menslike gesondheid of opvoedkunde.

Aansoeke:

The Senior Assistant Registrar, Financial Aid and Scholarships Office, University of the Witwatersrand, Private Bag 3, WITS 2050

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R100 000

Besonderhede:

Applikante moet Suid-Afrikaanse burgers en woonagtig in Suid-Afrika wees. Beurshouers moet na verwerwing van die graad in die buiteland vir minstens vier jaar na die RSA terugkeer.

Beurstoekennings kan by heraansoek vir 'n verdere jaar hernu word, afhangende van bevredigende vordering met die studie.

Aansoekers wat die kortlys haal, moet tussen 20 en 30 November vir 'n onderhoud beskikbaar wees.

Kaapse Drie-eeufesstigting (Dudley D'Ewes Beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Magister- of doktorale studente in omgewingstudie en natuur- of kultuurbewaring, letterkunde, kuns, musiek, drama en ballet.

Aansoeke:

Gloria Barrett, Postnet Suite 354, Privaat Sak X16, CONSTANTIA, 7848; Tel.: 021 683 3990; Faks: 021 671 6404; E-pos: info@cape300foundation.org.za; www.cape300foundation.org.za

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Wisselend, tot by 'n waarde van R10 000.

Murray

Wie kwalifiseer?

Beurse aan voltydse nagraadse (honours-, magister- en doktorale) studente in die breë omgewing van die natuurwetenskappe.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde: Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Sasol

Wie kwalifiseer?

HonsBSc (Chemie), HonsBSc (Analitiese Chemie), HonsBSc (Geofisika), HonsBSc (Geologie). Ingenieurswese: Elektroniese, Meganiese, Elektriese, Bedryfs-, Mynbou- en Chemiese Ingenieurswese.

Aansoeke:

Korporatiewe Beursdienste, Sasol Beperk, Posbus 5486, JOHANNESBURG 2000; Tel.: 011 441 3111; www.sasolbursaries.com

Sluitingsdatum: 28 Februarie

Waarde:

Volle beurs: studie-, inwonings- en etegeld.

Boeketoelaag soos deur Sasol bepaal.

Besonderhede:

Van elke beurshouer word verwag om na afloop van sy/haar studie by die skenker in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

SAWISE Angus-beurs**Wie kwalifiseer?**

Vroulike, swart gegradueerdes met uitstekende akademiese rekords uit sub-Saharalande.

Daar sal van suksesvolle applikante verwag word om aktief betrokke te raak by SAWISE (South African Women in Science and Engineering).

Aansoeke:

SAWISE Scholarships Committee, PO Box 34085, RHODES GIFT 7707. Rig navrae aan Jacquie Greenberg; E-pos: Jacquie.Greenberg@uct.ac.za; <http://www.sawise.org.za>

Sluitingsdatum: 30 November

Waarde: R10 000 per jaar

Besonderhede:

Die toekenning geld vir studie op honneursvlak (4de studiejaar) in enige vakgebied in die Natuurwetenskappe of Ingenieurswese.

Aansoeke moet die volgende insluit: 'n een bladsy motivering, 'n curriculum vitae met die name van twee referente, 'n amptelike akademiese rekord, en die name en bedrae van ander beurse waarvoor aansoek gedoen is.

Stighling-gedenkeurs (Vereniging van Staatsamptenare van SA)**Wie kwalifiseer?**

Staatsamptenare, of lede en kinders van lede van die Vereniging, wat reeds 12 maande in diens van die Staatsdiens of lid van die Vereniging is. Waar van toepassing, moet bewyse van die ampte van beide biologiese ouers ingehandig word as bevestiging.

Studente moes reeds die eerste akademiese studiejaar suksesvol voltooi het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R3 000

Besonderhede:

Natuurwetenskappe of Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

3.2 Departement Aardwetenskappe**Geologiese Vereniging van Suid-Afrika (GVSA)****Aansoeke:**

Die Geologiese Vereniging Trust, Posbus 61809, MARSHALLTOWN 2107; Tel.: 011 492 3370; Sel: 083 262 2604; Faks: 011 492 3371; E-pos: craig.smith@gssa.org.za; www.gssa.org.za.

Volledige besonderhede van die doel en aanwending van die fondse wat aangevra word moet die aansoek vergesel.

Sluitingsdatum: 31 Desember

Waarde:

Ongeveer R2 500 tot R15 000 per jaar.

Besonderhede:

Die Trust van die GVSA stel jaarliks beperkte fondse aan lede of nagraadse studenteledes van die GVSA beskikbaar, wat aangewend kan word vir navorsingsprojekte, delging van analitiese of publikasiekoste, bywoning van kongresse of konferensies, reisbeurse, of vir enige ander doel wat met die aardwetenskappe verband hou.

Gold Fields Beperk**Wie kwalifiseer?**

'n Suid-Afrikaner vir voltydse studie in Honneurs-BSc in Geologie.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Gold Fields Academy, Privaat Sak X11, WESTONARIA 1780; Tel.: 011 752 1145; Faks: 011 752 1887; E-pos: jolene.pienaar@goldfields.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Volle studiegeld, plus R19 440 vir lewenskoste en 'n persoonlike toelaag van ongeveer R10 800.

'n Eenmalige rekenaartoelaag vanaf die tweede jaar word voorsien.

Besonderhede:

Daar word van suksesvolle applikante verwag om een jaar lank vir die maatskappy te werk (slegs mynbou) voordat hulle begin studeer.

Mintek

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir navorsing in Geologie, Mineralogie, Chemiese Ingenieurswese, Organiese en Anorganiese Chemie, Elektriese of Elektroniese Ingenieurswese en Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksie, Piro of Fisies).

Aansoeke:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Opleiding en Ontwikkeling, MINTEK, Privaat Sak X3015, RANDBURG 2125

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Word jaarliks vasgestel.

Die waarde van 'n beurs in die B-skema is twee derdes van die waarde van 'n A-skema-beurs.

Besonderhede:

Die navorsingsprojek moet deur Mintek goedgekeur word.

Onder die A-skema moet 'n beurshouer vir 'n aaneenlopende tydperk van een jaar in die diens van Mintek bly vir elke studiejaar wat geborg word. Die B-skema behels geen kontraktuele verpligting nie.

Die tipe skema wat aangebied word, word deur Mintek bepaal.

3.3 Departement Chemie en Polimeerwetenskap

Korrosie Instituut van Suidelike Afrika

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente wat navorsing op die gebied van korrosie of korrosiebeheer doen.

Aansoeke:

Die Sekretaris, Korrosie-instituut van Suidelike Afrika, Posbus 966, KELVIN 2054

Sluitingsdatum: 30 April

Mintek

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir navorsing in Organiese of Anorganiese Chemie, Chemiese Ingenieurswese, Elektriese of Elektroniese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksie, Piro of Fisies), Geologie, of Mineralogie.

Aansoeke:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Opleiding en Ontwikkeling, MINTEK, Privaat Sak X3015, RANDBURG 2125

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Word jaarliks vasgestel.

Die waarde van 'n beurs in die B-skema is twee derdes van die waarde van 'n A-skema-beurs.

Besonderhede:

Die navorsingsprojek moet deur Mintek goedgekeur word.

Onder die A-skema moet 'n beurshouer vir 'n aaneenlopende tydperk van een jaar in die diens van Mintek bly vir elke studiejaar wat geborg word. Die B-skema behels geen kontraktuele verpligting nie.

Die tipe skema wat aangebied word, word deur Mintek bepaal.

Sasol/Stellenbosch 2020

Wie kwalifiseer?

Voltydse nagraadse studente wat Suid-Afrikaanse burgers is, op grond van akademiese prestasie asook veelsydigheid op ander terreine.

Vir honneurs-, magister- of doktorsale studie in Chemie of Chemiese Ingenieurswese.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: 16 Maart

Besonderhede:

Hierdie beurse mag saam met NNS-beurse gehou word.

Aansoeke moet skriftelik in Engels in die vorm van 'n memorandum ingelewer word. Volle name, identiteitsnommer, studieprogram, skole bygewoon, kulturele of studenteaktiwiteite, ens. moet vermeld word. 'n Skriftelike aanbeveling van die studieleier of promotor moet ook ingesluit word.

Toekennings word in oorleg met Sasol gemaak.

3.4 Departement Fisika

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

'n Student wat in Fisika, Wiskunde, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, of verwante vakke wil studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die bogemelde vakgebiede wil studeer.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen.

3.5 Departement Plant- en Dierkunde

Boonstra (Dr LD Boonstra)

Wie kwalifiseer?

Suid-Afrikaanse burgers vir HonsBSc-, MSc-, PhD- en DSc-studie in Paleontologie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Word op 'n jaarbasis toegeken, maar is hernubaar met 'n hernuwingsaansoek.

De Villiers (Prof OT De Villiers)

Wie kwalifiseer?

Voltydse nagraadse studente in Plantkunde, op grond van akademiese prestasie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Besonderhede:

Word jaarliks toegeken en is eenmalig hernubaar met 'n hernuwingsaansoek.

Green (SP Green)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student in Dierkunde.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R1 000

3.6 Departement Wiskundige Wetenskappe

Cillié (Ter nagedagtenis aan wyle Prof GG Cillié)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Besonderhede:

Nagraadse studie in Wiskunde of Toegepaste Wiskunde.

Toekenning sal in oorleg met die departementele voorsitter geskied.

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

'n Student wat in Wiskunde, Fisika, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, of verwante vakke wil studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die bogemelde vakgebiede wil studeer.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen.

4. Fakulteit Opvoedkunde

Fuchs (Carl en Emily Fuchs Oorsese Beurs)

Wie kwalifiseer?

'n Doktorale student met uitnemende akademiese prestasie vir voltydse studie van een jaar aan 'n erkende en verkieslik toonaangewende oorsese universiteit in die opvoedkunde, wetenskap, tegnologie, ekonomie, finansies, besigheidsbestuur of menslike gesondheid.

Aansoeke:

The Senior Assistant Registrar, Financial Aid and Scholarships Office, University of the Witwatersrand, Private Bag 3, WITS 2050

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R100 000

Besonderhede:

Aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en woonagtig in Suid-Afrika wees.

Beurshouers moet na verwerping van die graad in die buiteland vir minstens vier jaar na die RSA terugkeer.

Beurstoekennings kan by heraansoek vir 'n verdere jaar henu word, afhangende van bevredigende vordering met die studie.

Aansoekers wat die kortlys haal, moet tussen 20 en 30 November vir 'n onderhoud beskikbaar wees.

La Grange (AJ la Grange)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in Opvoedkundige Sielkunde.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Pauw (DAA Pauw)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

SALED (The South African Association for Learning and Educational Differences)

Wie kwalifiseer?

Een beurs jaarliks aan 'n student wat spesialiseer in die ondersteuning van leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes (remediërende onderwys).

Aansoeke:

SALED Nasionale Kantoor, Posbus 55023, NORTHLANDS 2116; Tel.: 011 325 2406; E-pos: membership@saaled.org.za; www.saaled.org.za

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: R6 000

5. Fakulteit AgriWetenskappe

5.1 Verskeie departemente

Kaaplandse Varkprodusentevereniging

Wie kwalifiseer?

'n Voornemende voltydse MScAgric-student in die Departement Veekundige Wetenskappe vir navorsing oor varke. (Die beurs kan ook by wyse van uitsondering aan 'n voornemende doktrale student toegeken word, veral aan 'n persoon wat spesifieke fasette van 'n betrokke magisterprojek verder wil ondersoek na verwerwing van die M-graad.)

Aansoeke:

Die Departementele Voorsitter, Departement Veekundige Wetenskappe, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 15 Augustus

Besonderhede:

Een beurs vir die duur van die studie.

Merensky (Hans Merensky)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in Bosbou en Houtprodukkunde.

Aansoeke:

Die Dekaan, Fakulteit AgriWetenskappe, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Besonderhede:

Twee nagraadse beurse vir studie in die Fakulteit AgriWetenskappe met die klem op Bosbou en Houtprodukkunde. Die toekenning van die beurse word gedoen in oorleg met die Hans Merensky Stigting, met inagneming van die verteenwoordiging van kulturele diversiteit.

Pongracz (DP Pongracz) Scholarship Trust

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse en nagraadse studente in Wingerd- en Wynkunde.

Aansoeke: my.sun.ac.za

SA Vereniging vir Gewasproduksie

Wie kwalifiseer?

Drie beurse vir voorgraadse en/of nagraadse studie in Agronomie.

Een van dié drie beurse is vir 'n student uit die tradisioneel benadeelde gemeenskap.

Aansoeke:

Stuur CV en akademiese rekord aan: SAVG-sekretariaat, me E Smit, Privaat Sak X1252, POTCHEFSTROOM 2520

Sluitingsdatum: Jaarliks voor 15 Maart.

Waarde: R4 000

Besonderhede:

Hernuwing van die beurse berus op bevredigende akademiese prestasie.

Steenberg (Hennie, Louisa en Willie Steenberg Trustfonds)

Wie kwalifiseer?

Slegs behoeftige studente wat 'n program in Veekunde volg, kwalifiseer vanaf die tweede studiejaar vir 'n beurs.

Voorkeur sal gegee word aan studente met die van Steenberg of Steynberg, of 'n naasbestaande van die Steenberg-familie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Beurse beskikbaar aan voorgraadse en nagraadse studente. Ontvangers van die beurs moet jaarliks daarvoor aansoek doen. Die beurse word deur 'n komitee, soos deur die beursgewer bepaal, toegeken.

Theron (Prof CJ Theron)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in Wingerd- en Wynkunde op grond van akademiese prestasie.

Dit moet verkieslik toegeken word aan studente uit die streke voorheen bekend as die Kaapprovinsie (Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap en 'n gedeelte van Noordwes-provinsie).

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

5.2 Departement Voedselwetenskap

Koeppen (Die Koeppen-gedenkstudiebeurs)

Wie kwalifiseer?

Studente moet lid van SAVVoT (SA Vereniging vir Voedselwetenskap en -tegnologie) wees.

Aansoeke:

Die Nasionale Sekretariaat, Die SA Vereniging vir Voedselwetenskap en -tegnologie (SAVVoT), Posbus 868, FERNDAL 2160; Tel.: 011 789 1384; Faks: 011 789 1385; E-pos: saafost@vdw.co.za; www.saafost.org.za

Sluitingsdatum: 28 Februarie

Waarde:

R25 000

Een beurs per jaar is beskikbaar.

Besonderhede:

Voedselwetenskap.

Nagraadse studente wat vir die magister- of doktorsgraad geregistreer is. (Ter verering van wyle prof BH Koeppen, wat tot sy dood in 1980 hoof van die Dept. Voedselwetenskap aan die US was.)

6. Fakulteit Regsgeleerdheid

Getrouheidsfonds vir Prokureurs

Wie kwalifiseer?

Die vereistes om vir 'n beurs te kwalifiseer is 'n BA (Regsgeleerdheid)-, BCom (Regsgeleerdheid)-, BJuris- of BProc-graad, of 'n gelykwaardige kwalifikasie, óf die voltooiing van die eerste twee jaar van die 4-jaar-LLB-kurrikulum. Toekenning van die beurse geskied op grond van ernstige finansiële behoefte, of uitsonderlike akademiese meriete.

Aansoeke:

Besoek www.fidfund.co.za/bursaries vir meer inligting.

Beurskoördineerder, Getrouheidsfonds vir Prokureurs, Posbus 3062, KAAPSTAD 8000; E-pos: shawn@fidfund.co.za, of LLBbursary@fidfund.co.za; Tel.:021 424 4608.

Sluitingsdatum: 15 Augustus

Waarde: Kyk by Besonderhede hieronder.

Besonderhede:

'n Aantal beurse vir studie vir 'n maksimum tydperk van 2 jaar vir 'n LLB-graad aan 'n plaaslike universiteit.

Die waarde van die beurse sal beperk word tot die bedrag van die studiegeld vir die betrokke jaar, met 'n maksimum bedrag wat jaarliks vasgestel word.

7. Fakulteit Teologie

Grundling (Magdalena Grundling Trust)

Wie kwalifiseer?

Teologie (tot legitimasie).

Aansoekers uit die NG-gemeente Oudtshoorn-Wes. Indien daar binne 'n gegewe tydperk nie 'n student van die betrokke gemeente is wat kwalifiseer nie, kan 'n aansoeker uit enige van die NG Kerk-gemeentes op Oudtshoorn kwalifiseer.

Aansoeke:

Sanlam Trust, Posbus 1260, SANLAMHOF 7532

Sluitingsdatum: 15 September

Besonderhede:

Rente op die trustfonds aan sodanige studente in die Teologie. Die beslissing van die trustee ten opsigte van enige student oor welke tydperk ook al sal finaal en bindend wees.

Hofmeyr en De Vos

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Teologie- en Maatskaplike Werk-losiesbeurse.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen om voortsetting.

Malan (FS en WC Malan)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente wat onder die van Malan gebore is.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Nederduitse Gereformeerde Kerk Kuratorium/Seminarium

Wie kwalifiseer?

Beurse en lenings vir Teologie-studente wat geregistreer is by die NG Kerk se Seminarium-program.

Aansoeke:

Die Leraar: Teologiese Opleiding, NGK Kuratorium, Dorpsstraat 171, Stellenbosch, 7600

Aansoekvorms is beskikbaar aan die begin van die akademiese jaar.

Beurshouers moet jaarliks vir die beurs heraanzoek doen.

Sluitingsdatum:

Kort ná die opening van die akademiese jaar.

Waarde:

Beurse of lenings word bepaal volgens die studiegeld.

75% van die lening word stelselmatig afgeskryf sodra die student aan spesifieke vereistes voldoen.

Nyboer (Wilhelmina du Toit Nyboer)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente wat begerig is om opgelei te word as predikante of sendelinge.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van voorafgaande studiejaar.

Thom (HB en MJ Thom-beurs vir Teologie)

Wie kwalifiseer?

Beurse en/of lenings aan studente in die Fakulteit Teologie.

Aansoeke:

Dekaan: Fakulteit Teologie.

Sluitingsdatum: 31 Januarie

Waarde: Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Visser (Die Sarel en Gertie Visser-trustfonds)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van voorafgaande studiejaar.

8. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

8.1 Verskeie departemente

Fuchs (Carl en Emily Fuchs Oorsese Beurs)

Wie kwalifiseer?

'n Doktorale student met uitnemende akademiese prestasie vir voltydse studie van een jaar aan 'n erkende en verkieslik toonaangewende oorsese universiteit in die besigheidsbestuur, ekonomie, finansies, wetenskap, tegnologie, menslike gesondheid of opvoedkunde.

Aansoeke:

The Senior Assistant Registrar, Financial Aid and Scholarships Office, University of the Witwatersrand, Private Bag 3, WITS 2050

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R100 000

Besonderhede:

Aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en woonagtig in Suid-Afrika wees. Beurshouers moet na verwerwing van die graad in die buiteland vir minstens vier jaar na die RSA terugkeer.

Beurstoekennings kan by heraansoek vir 'n verdere jaar henu word, afhangende van bevredigende vordering met die studie.

Aansoekers wat die kortlys haal, moet tussen 20 en 30 November vir 'n onderhoud beskikbaar wees.

8.2 Departement Ekonomie

Uys (Dirkie Uys-gedenkfonds)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Ekonomie, Antropologie, Geografie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Politieke Wetenskap, Sosiologie.

8.3 Skool vir Rekeningkunde

PriceWaterhouseCoopers

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse en nagraadse voornemende geoktrooieerde rekenmeesters.

Aansoeke: www.pwc.com/za/careers

Sluitingsdatum: 31 Julie

Theron (Pierre F Theron)

Wie kwalifiseer?

Een of moontlik twee voor- of nagraadse beurse aan behoeftige, maar veral verdienstelike, eerstejaar-studente vir die duur van hulle studieprogram. As gevolg hiervan, is 'n nuwe toekenning nie noodwendig elke jaar moontlik nie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: Eerste Vrydag in Desember van voorafgaande studiejaar.

8.4 Skool vir Publieke Leierskap

Uys (Dirkie Uys-gedenkfonds)

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Antropologie, Ekonomie, Geografie, Politieke Wetenskap, Sosiologie.

9. Fakulteit Ingenieurswese

9.1 Verskeie departemente

Gold Fields Beperk

Wie kwalifiseer?

'n Suid-Afrikaner wat voltyds studeer en akademies goed vorder vanaf die tweede jaar van 'n B-graad in Myningeniurswese, Elektriese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese of Metallurgiese Ingenieurswese.

Aansoeke:

Die Beursbeampte, Gold Fields Academy, Privaat Sak X11, WESTONARIA 1780; Tel.: 011 752 1145; Faks: 011 752 1887; E-pos: jolene.pienaar@goldfields.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Volle studiegeld plus R19 440 vir lewenskoste en 'n persoonlike toelaag van ongeveer R10 800.

'n Eenmalige rekenaartoelaag vanaf die tweede jaar word voorsien.

Besonderhede:

Daar word van suksesvolle applikante verwag om een jaar lank vir die maatskappy te werk (slegs mynbou) voordat hulle begin studeer.

Korrosie-instituut van Suidelike Afrika

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente wat navorsing op die gebied van korrosie of korrosiebeheer doen.

Aansoeke:

Die Sekretaris, Korrosie-instituut van Suidelike Afrika, Posbus 966, KELVIN 2054

Sluitingsdatum: 30 April

Mintek

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir navorsing in Chemiese Ingenieurswese, Elektriese of Elektroniese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksie, Piro of Fisies).

Aansoeke:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Opleiding en Ontwikkeling, MINTEK, Privaat Sak X3015, RANDBURG 2125

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Word jaarliks vasgestel. Die waarde van 'n beurs in die B-skema is twee derdes van die waarde van 'n A-skema-beurs.

Besonderhede:

Die navorsingsprojek moet deur Mintek goedgekeur word.

Volgens die A-skema moet 'n beurshouer vir 'n aaneenlopende tydperk van een jaar in die diens van Mintek bly vir elke studiejaar wat geborg word. Die B-skema behels geen kontraktuele verpligting nie.

Die tipe skema wat aangebied word, word deur Mintek bepaal.

SA Brouerye

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf die eerste studiejaar vir die normale duur van die studieprogram.

Aansoeke:

The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde:

Volle studie- en inwoningsgeld en 'n boeketoelaag.

Besonderhede:

Ingenieurswese (Bedryfs-, Chemiese, Elektriese, Elektroniese en Meganiese Ingenieurswese).
Diensverpligting van een jaar vir elke jaar wat die beurs gebruik is.

SAWISE Angus Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Vroulike, swart gegradueerdes met uitstekende akademiese rekords uit sub-Saharalande.
Daar sal van suksesvolle kandidate verwag word om aktief betrokke te raak by SAWISE (South African Women in Science and Engineering).

Aansoeke:

SAWISE Scholarships Committee, PO Box 34085, RHODES GIFT 7707. Rig navrae aan Jacquie Greenberg; E-pos: Jacquie.Greenberg@uct.ac.za; <http://www.sawise.org.za>

Sluitingsdatum: 30 November

Waarde: R10 000 per jaar.

Besonderhede:

Die toekenning geld vir studie op honneursvlak (4de studiejaar) in enige vakgebied in Ingenieurswese of die Natuurwetenskappe.

Aansoeke moet die volgende insluit: 'n een bladsy motivering, 'n curriculum vitae met die name van twee referente, 'n amptelike akademiese rekord en die name en bedrae van ander beurse waarvoor aansoek gedoen is.

9.3 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese

Louw (Tienie Louw)

Wie kwalifiseer?

By voorkeur aan begaafde studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Besonderhede:

Lugvaartkundige Ingenieurswese.

Nagraadse beurse vir studie in die RSA of in die buiteland.

Aansoeke moet vergesel word van 'n aanbeveling van die studieleier/promotor en 'n amptelike studierekord.

9.4 Departement Prosesingenieurswese

Departement Prosesingenieurswese (Chemiese Ingenieurswese en Mineraalprosessering)

Wie kwalifiseer?

Beskikbaar aan voltydse of deeltydse magister- of doktorsale studente of personeellede in die Departement Prosesingenieurswese vir 'n termyn van een jaar. Voorkeur word aan behoeftige studente verleen.

Aansoeke:

Voorsitter, Dept. Prosesingenieurswese, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602; E-pos: mwilken@sun.ac.za

Sluitingsdatum: Geen

Besonderhede:

Geen diensverpligting nie.

Kan saam met ander beurse gehou word.

Sasol/Stellenbosch 2020

Wie kwalifiseer?

Voltydse nagraadse studente op grond van akademiese prestasie asook veelsydigheid op ander terreine. Vir magister- of doktorale studie in Chemiese Ingenieurswese.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum: 15 Maart

Besonderhede:

Hierdie beurse mag saam met NNS-beurse gehou word.

Aansoeke moet skriftelik in Engels in die vorm van 'n memorandum ingelewer word (volle name, identiteitsnommer, studieprogram, skole bygewoon, kulturele of studenteaktiwiteite, ens. moet vermeld word).

'n Skriftelike aanbeveling van die studieleier of promotor moet ook ingesluit word.

Applikante moet Suid-Afrikaanse burgers wees.

Toekennings word in oorleg met Sasol gemaak.

10. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Brink & De Kock

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir studies in Kardiologie of Pulmonologie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

De Klerk (DP de Klerk)

Wie kwalifiseer?

'n Beurs, of beurse, vir nagraadse studente vir 'n studiereis na die buiteland of vir navorsing in Urologie of Lettere, alternatiewelik.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse

Fuchs (Carl en Emily Fuchs Oorsese Beurs)

Wie kwalifiseer?

'n Doktorale student met uitnemende akademiese prestasie vir voltydse studie van een jaar aan 'n erkende en verkieslik toonaangewende oorsese universiteit in die menslike gesondheid, wetenskap, tegnologie, ekonomie, finansies, besigheidsbestuur of opvoedkunde.

Aansoeke:

The Senior Assistant Registrar, Financial Aid and Scholarships Office, University of the Witwatersrand, Private Bag 3, WITS 2050

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R100 000

Besonderhede:

Aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en woonagtig in Suid-Afrika wees. Beurshouers moet na verwerwing van die graad in die buiteland vir minstens vier jaar na die RSA terugkeer.

Beurstoekennings kan by heraansoek vir 'n verdere jaar hernu word, afhangende van bevredigende vordering met die studie. Aansoekers wat die kortlys haal, moet tussen 20 en 30 November vir 'n onderhoud beskikbaar wees.

Maree-Stander (AM Maree-Stander)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir studie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe met kankernavorsing as onderwerp.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

McIntosh (Dr McIntosh-trust)

Wie kwalifiseer?

Mediese studente van Britse herkoms. Voorkeur aan liggaamlik gestremde mans. Kandidate moet bereid wees om na kwalifikasieverwerwing vir minstens tien jaar lank navorsing te doen.

Aansoeke:

Die Trustees, BOE Trust Ltd, Posbus 86, KAAPSTAD 8000

Sluitingsdatum: 31 Julie

Besonderhede:

As die student nie navorsing doen nie, moet 10% van die toekenning per jaar aan die trustees terugbetaal word.

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

'n Student wat in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Wiskunde, Fisika, of verwante vakke wil studeer.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Besonderhede:

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die bogemelde vakgebiede wil studeer.

Beurshouers moet jaarliks heraanzoek doen.

Roome (William Wallace Roome Trust)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige, nagraadse, geregistreerde mediese studente.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Snyman (GPJ Snyman)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in psigiatrie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Stighlingh-gedenkbeurs (Vereniging van Staatsamptenare van SA)

Wie kwalifiseer?

Staatsamptenare, of lede en kinders van lede van die Vereniging, wat reeds 12 maande in diens van die Staatsdiens of lid van die Vereniging is. Waar van toepassing, moet bewyse van die ampte van beide biologiese ouers ingehandig word as bevestiging.

Studente moes reeds die eerste akademiese studiejaar suksesvol voltooi het.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Waarde: R3 000

Besonderhede:

Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of Natuurwetenskappe.

Strauss (Sankie Strauss)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in Optalmologie.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Truter (HW Truter)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in psigiatrie.

Aansoeke:

Die Bestuurder, Nagraadsestudentebefondsing, US.

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Van Rensburg (Kate van Rensburg)

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente in Verpleegkunde.

Aansoeke: my.sun.ac.za

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

Lenings

Meeste van die lenings wat in hierdie afdeling gelys word is vir voorgraadse studente. Nagraadse studente word aangeraai om die Nagraadsebefondsingsseenheid by 021 808 4208 te kontak.

ABSA Stellenbosch Studenteleefstylsentrum

Aansoeke:

Absa Stellenbosch Studenteleefstylsentrum (Neelsie). Tel.: 021 809 9300; Faks: 021 809 9334/8

Waarde:

Wisselende bedrae en rentekoerse, afhangende van die jaar van studie, die studieprogram, en die student se akademiese prestasie.

Besonderhede:

Absa bied onkonvensionele gemak aan studente.

Dit bied nie alleen die uitsonderlike Absa-studentelening aan nie, maar stel ook verskeie ander studenteprodukte beskikbaar.

Ackermann (Jossie Ackermann)

Aansoeke:

VLV van Kaapland, Posbus 273, STELLENBOSCH 7599

Sluitingsdatum: 15 November

Besonderhede:

Voedsel- of Tekstielwetenskap.

VLV-lidmaatskap van moeder/ouma 'n vereiste.

ATKV

Aansoeke:

Die Besturende Direkteur, ATKV, Posbus 4586, RANDBURG 2125; Tel.: 011 919 9000; Faks: 011 886 8939; www.atkv.org.za

Sluitingsdatum: 15 Oktober

Waarde: R15 000 per jaar.

Besonderhede:

ATKV-studielenings word aan ATKV-lede en hul afhanklikes vir deelydse en voltydse studie toegeken.

Rente van 3% tydens studie en 8% na voltooiing van studie word gehef.

Conradie (JE Conradie)

Aansoeke:

VLV van Kaapland, Posbus 273, STELLENBOSCH 7599

Sluitingsdatum: 15 November

Besonderhede:

Arbeidsterapie.

VLV-lidmaatskap van moeder/ouma 'n vereiste.

FUNDI

Aansoeke:

www.fundi.co.za; Oproepsentrum: 0860 55 55 44; E-pos: support@fundi.co.za

Waarde: Onderhandelbaar

Besonderhede:

Wanneer jy vir 'n studielening aansoek doen, het jy nie 'n deposito nodig nie en daar is geen verskuilde koste nie.

Ons betaal direk aan die instansie.

Jou paaiement is vas, wat beteken dat jou terugbetalings vir die tydperk van die leningskontrak ook onveranderd bly.

'n Familielid of donateur kan namens jou aansoek doen en verskeie kredietkriteria sal van toepassing wees wanneer jy salarisafrekkings as 'n terugbetalingsmetode kies.

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Leningsfonds

Wie kwalifiseer?

MBChB-studente in hul 5de of 6de jaar, en 4de-jaar-studente in B in Arbeidsterapie, BSc (Dieetkunde), BSc (Fisioterapie) en B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie.

Nagraadse studente sal geval vir geval oorweeg word.

Aansoeke:

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Hoof: Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerbergkampus).

Waarde:

Wissel na gelang van die student se finansiële behoefte.

Besonderhede:

Verdienstelike en/of behoeftige studente sal gedurende die 1ste kwartaal van elke jaar deur die Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerberg) aan die Fakulteitsbestuur (Direkteur: Besigheidsbestuur) voorgelê word vir goedkeuring. Kandidate moet aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen.

In die geval van MBChB, kan lenings in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde kandidaat toegeken word, met dien verstande dat die kandidaat elke jaar aan die minimum hertoelatingsvereistes as student voldoen, of deur die Hertoelatingsappélkomitee tot die program hertoegelaat is.

Nadat die lys van studente wat kwalifiseer vir 'n lening deur die Fakulteitsbestuur goedgekeur is, sal die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings in samewerking met die Beurskantoor op die Tygerbergkampus die verdere administrasie hanteer.

Rentekoers:

Rente op die beursleningsbedrag word van jaar tot jaar vasgestel op primakoers.

Terugbetalingstermyn:

Die leningsbedrag plus rente is betaalbaar oor 12 maande, met die eerste paaiement betaalbaar in die maand wat volg nadat die student sy/haar studie voltooi het.

In die geval van 'n MBChB-student wat reeds vanaf sy/haar 5de jaar 'n lening ontvang het, en waar die lening vir twee jaar toegeken is, is die lening terugbetaalbaar oor 2 jaar, met die eerste paaiement betaalbaar in die maand nadat die student sy/haar studie voltooi het.

Sluitingsdatum:

31 Maart van die betrokke akademiese jaar.

Helpmekaar Studielenings

Aansoeke:

Die Bestuurder, Helpmekaar-studiefonds, Posbus 1223, PAROW 7499.

Aansoekvorms beskikbaar vanaf 1 Augustus of op www.helpmekaarfonds.org;

Tel.: 021 930 8155

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde:

Tot 'n maksimum van R50 000 per jaar, na gelang van die program.

Besonderhede:

Aan Afrikaanssprekende studente uit die Suid-, Wes-, Oos- en Noord-Kaap en KwaZulu-Natal.

Suksesvolle studie kan tot beurse lei.

Rente betaalbaar gedurende studie.

Namibië Staatsdiens

Aansoeke:

The Permanent Secretary, Ministry of Education, Namibia Student Financial Assistance Fund, PO Box 23053, WINDHOEK, Namibia, Tel.: 09264 61 270 6111; Faks: 09264 61 270 6122

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: \$16 500 - N\$36 000 per jaar.

Besonderhede:

Lenings vir 'n groot verskeidenheid studierigtings aan Namibiese studente. Die aantal lenings in enige rigting word bepaal deur die Staatsdiens se behoefte aan opgeleide personeel in die betrokke rigting.

Elke lening is terugbetaalbaar deur die lener na voltooiing van studie, ongeag of die leninghouer 'n betrekking in die Namibiese Staatsdiens beklee, al dan nie.

NEDBANK**Aansoeke:**

By enige tak van Nedbank.

Waarde:

Voorgraads – wisselend. Deeltyds (nagraads) – wisselend.

Rentekoers is op versoek beskikbaar.

Besonderhede:

Studielenings word op meriete vanaf studente se eerste studiejaar toegeken.

Noordelike Helpmekeer-studiefonds**Aansoeke:**

Aansoekvorms is verkrygbaar en moet gestuur word aan Die Bestuurder, Noordelike Helpmekeer-studiefonds, Posbus 91050, AUCKLANDPARK 2006

Enige navrae kan gerig word aan mev JF van der Westhuizen by telefoon 011 782 9160, op werksdae tussen 08:00 en 13:00. E-pos: nhsfonds@mweb.co.za.

Besonderhede:

Die Noordelike Helpmekeer-studiefonds stel jaarliks 'n aantal lenings beskikbaar aan Afrikaanssprekende studente wie se ouers in Gauteng, Noordwes, Mpumalanga en die Limpopo-provinsie woon, op voorwaarde dat hulle hul voorgraadse studie aan 'n Suid-Afrikaanse tersiêre instelling onderneem.

Lenings vir nagraadse studie sal ook op meriete oorweeg word. Aansoeke word streng volgens bepaalde kriteria soos kredietwaardigheid en bevredigende vakprestasies gekeur.

Departement Prosesingenieurswese (Chemies en Mineraal)-beursleningskema**Aansoeke:**

Die Voorsitter, Departement Prosesingenieurswese, US.

Waarde:

Wisselend volgens behoefte, afgerond tot die naaste R500.

Besonderhede:

